KITAL STUDIE GIDS

Eindredakteur
DR JH KOEKEMOER

Handleiding vir diakens

Diakens, wees vlytig in die insameling van die gawes, versigtig en blymoedig by die uitdeling daarvan; kom die bedruktes te hulp; versorg die regte weduwees en wese; doen goed aan almal maar veral aan die huisgenote van die geloof.

Medewerkers

Dr D J Smith
Dr L M le Roux
Ds E C B Kotze
Ds J P J Wagenaar
Ds F du C Labuschagne
Prof dr P J T Koekemoer
Dr P W Venter
Prof dr F J van Zyl
Mnr P S Oelrich

Eindredakteur: Dr J H Koekemoer

Handleiding vir diakens

PRETORIA · KAAPSTAD

© HAUM Uitgewery, Pretoria, Kaapstad
Eerste uitgawe, eerste druk 1980
ISBN 0 7986 0483 2
Geset deur Dieter Zimmermann Edms Bpk, Johannesburg
Gedruk deur Weeshuispers, Pretoria

Adres: Kital
Posbus 460
Pretoria
0001

Inhoudsopgawe

Voorwoord vii

Die instelling en ontwikkeling van die amp 1
Die amp in die Bybel 1
Die wese van die amp 4
Die amp in die vroeë kerk 10
Die amp volgens die Reformasie 12
Die vrou in die amp 13

Die diaken en die kerk 16
Die diaken en die gemeente 16
Die diaken en die kerkraad 18
Die diaken en die predikant 19
Die diaken en die ouderling 20
Die kerkbesoek van die diaken 21
Die diaken se plek in die erediens en by die nagmaalstafel 22
Die diaken se plek by die kerklike vergaderings 23

Die diaken en die Ondersteuningsraad 28

Die diaken en sy huisgesin 35
Inleiding 35
Die eise wat aan die persoonlike lewe van die diaken gestel word 35
Die dienende karakter van die amp 39
Die amp volgens die kerkwet 39
Die gesindheid ten opsigte van die ampswerk 40

Die toerusting vir die amp 43
Kerkraadskategese 43
Bybelstudie 45
Kennis van die kerkwet 47
Kennis van die leer van die kerk 48
Kennis van die kerklike organisasie 50
Kennis van die instellings van die kerk waar barmhartigheidsdiens gelewer word 51

Sy werk in die wyk 54
Wat is offergawes? 54
Insameling van die offergawes 57
Kennis van die wyk 60
Kerklike meelewing 60
Optrede by probleme in die wyk 63

Barmhartigheidsdiens 66
Die Afrikaanse woord "barmhartigheid" 66
Die Ou-Testamentiese agtergrond van die Nuwe-Testamentiese begrip barmhartigheid 66
God is barmhartig 67
God se barmhartigheid in en deur Jesus Christus 69
Barmhartigheid aan individuele gevalle van nood in konkrete situasies 72
Barmhartigheid van God in die eindtyd 74

Die diaken en die maatskappy 76

Voorwoord

Dit is met 'n gevoel van dankbaarheid dat ons hierdie studiegids aanbied.

Dit is so saamgestel dat dit vir die diaken in sy werk van waarde kan wees. Verder het ons probeer om die prinsipiële sake ook kortliks aan te stip. Omdat in die reformatoriese kerk die Bybel die rigsnoer van ons leer en lewe is, het ons ook die Bybelse gegewens kortliks bespreek. Daarom bied dit ook goeie studiemateriaal.

Baie dankie aan ons skrywers vir hulle bydraes.

Indien u enige probleme ondervind, hoor ons graag van u.

Dr J H Koekemoer

1
Die instelling en ontwikkeling van die amp

Die amp in die Bybel

Die kerk maak gebruik van sekere ampte om sy dienswerk in die wêreld te doen. Hierdie ampte is dié van die herder en leraar, die ouderling en die diaken. 'n Mens kry soms die indruk dat van hierdie drie, die amp van die diaken, die minste aandag in die kerk kry. 'n Mens kry soms ook die indruk dat daar groot onkunde oor die ware aard en opdrag van die diakensamp heers – selfs onder hulle wat die amp beklee. Dié toedrag van sake kan alleen tot nadeel van die kerk se dienswerk aan die gelowiges en aan die wêreld wees. Om hierdie rede wil ons dan vra wat die oorsprong en ware wese en inhoud van die diakensamp is.

As ons wil weet wat die wese van die diakensamp is, sal ons eers moet gaan soek na die oorsprong en instelling van die amp. Die ware oorsprong van die diakensamp kan ons op net één plek vind en dit is die Woord van God, die enigste bron en rigsnoer van die ganse lewe en geloof van die kerk.

Die eerste wat dan vanuit die Bybel duidelik word, is dat ons nie in die Bybel die woord *amp* as sodanig vind nie. Die woord waarmee die diaken se stand of posisie in die gemeente aangedui word, is nie die woord *amp* nie. Die woord *amp* is maar net 'n paslike woord wat ons gebruik om aan te dui dat die diaken 'n wettige en deur God ingestelde stand, roeping en opdrag in die gemeente het. Wanneer ons dan die Woord van God nader ondersoek en vra na die woord wat die naaste ooreenstem met die begrip amp, maak ons 'n verrassende ontdekking: die Bybel gebruik die woord *diakonia* (diens) om 'n amp aan te dui, terwyl die woord wat vir die diaken gebruik word, die woord *diakonos* is. Die woord vir 'n amp en die woord vir 'n diaken het één oorsprong. Daar is 'n baie intieme band tussen diaken-wees en amp. Die woord *diakonia* wat ons soms met amp weergee, beteken eintlik bediening of dienswerk. 'n Amp is dus in der waarheid 'n bediening wat iemand in die gemeente beklee. Die woord diaken *(diakonos)* beteken oorspronklik dienaar, bedienaar,

kelner. So vind ons dan ook dat daar op baie plekke in die Bybel waar daar van 'n dienaar sprake is, 'n woord gebruik word wat letterlik kan lees: om diaken te wees (bv Matt 22:13, Joh 2:5 en 9 en 1 Tess 3:2). Op ander plekke waar die bebrip *om te dien* gebruik word, word 'n woord gebruik wat letterlik "diaken wees" beteken (bv Mark 1:31 en Luk 10:40). B J Engelbrecht maak in sy boekie *Woord en Diens* 'n baie mooi afleiding hieruit: "Vir die Nuwe Testament is *diakenskap* en *diens* een en dieselfde." Om diaken te wees is om in 'n *diens* te staan, om 'n *bediening* waar te neem. Diakenskap en bediening en amp is onlosmaaklik verbind.

Die vraag wat nou na vore kom, is: watter diens, watter bediening dit in die besonder is wat dan aan die diaken opgedra word om uit te voer? Om die vraag te probeer beantwoord, wil ons eers in die Bybel gaan soek na die oorsprong en instelling van die diakensamp, want hieruit kan ons dalk belangrike afleidings maak. Sodra ons in die Bybel kyk na die instelling van die diakensamp, kom ons voor 'n interessante feit te staan: die Bybel vertel ons nêrens direk van die presiese tyd en geleentheid van die instelling van die diakensamp nie. Dat daar wel 'n diakensamp was, staan vas, maar presies wanneer dit ingestel is, weet ons nie. Dit is miskien daaraan te wyte dat die Bybelskrywers die diakensamp net eenvoudig as een van die genadegawes van God aan sy gemeente aanvaar het, waardeur die gemeente sy werking as liggaam van Christus moet uitvoer (Rom 12:6-8) en 1 Kor 12:27-31). Daarom het hulle eenvoudig van die feit uitgegaan dat daar 'n diakensamp bestaan, sonder om na die instelling daarvan te verwys. God het die amp ingestel as 'n genadegawe, 'n garisma, wat Hy aan die gemeente as liggaam van Christus geskenk het. Die instelling van die diakensamp lê derhalwe by die Here self. Dit is een van die genadegawes wat Hy aan sy kerk skenk. Só verhewe is die oorsprong waarheen die diaken sy amp kan terugvoer.

Die vraag wat nou onmiddellik by elke getroue Bybelleser ontstaan, is: wat dan van Handelinge 6:1-6? Het ons nie al die jare aanvaar dat ons daar van die instelling van die diakensamp lees nie, en staan dit nie ook so in die bevestigingsformulier nie? Het ons dan nie ook die name van die sewe manne vir die katkisasie geleer as die name van die eerste sewe diakens nie? In der waarheid het ons *nie* in Handelinge 6 met 'n berig oor die instelling van die diakensamp te doen nie. As ons die Skrifgedeelte van nader bekyk, dan sien ons dat die woord *diaken* nêrens daarin voorkom nie. Die sewe manne word

glad nie diakens genoem nie. Uit hulle latere optrede sien ons ook dat hulle werk gedoen het wat eintlik by die apostels tuisgehoort het. So lees ons in dieselfde Handelinge 6 vanaf vers 8 dat Stefanus beskryf word as 'n prediker van formaat. Filippus word weer in Handelinge 8 beskryf as evangelis en prediker wat ook gedoop het.

Hoewel ons die sewe nie sommer so as diakens kan aanvaar nie, het die werk wat in Handelinge 6 aan hulle opgedra is tog die kern van die werk van die diaken behels. Hulle is naamlik aangestel om te help met die daaglikse versorging van die weduwees van die Grieksprekende Jode. Hulle werk het dus ook die sorg van die armes, die barmhartigheidsdiens, omvat. Hierdie sorg het dan ook geskied by die bediening van die tafels, dit wil sê by die gereelde liefdesmaaltye wat gehou is. Die liefdesmaaltye was die geleentheid waartydens daar daagliks kos versamel en aan die behoeftiges uitgedeel is, maar waartydens ook geld wat van die meer-bevoorregtes ontvang is, weekliks aan die armes uitgedeel is.

'n Belangrike saak is dat hierdie liefdesmaaltye ook 'n geleentheid was – miskien in die eerste plek – vir die viering van die nagmaal. Deur hulle bediening van die tafels, het die sewe dus ook 'n belangrike aandeel gehad in die bediening van die nagmaal. Hier het ons dus ook te doen met 'n saak wat deur die eeue heen 'n deel van die werk van die diaken gebly het, naamlik die bediening by die nagmaalstafel.

Handelinge 6 verwys dus nie direk na die *instelling* van die diakensamp nie, maar gee tog belangrike riglyne vir die grondslae wat tot die instelling van die amp gelei het.

Ons het reeds daarop gewys dat daar ook in die res van die Nuwe Testament geen direkte heenwysing na die instelling van die diakensamp is nie, maar dat die instelling eerder sy oorsprong by die Heer van die kerk self het. Hy het dit geskenk as een van die genadegawes *(garismata)* aan sy kerk, as die liggaam van Christus (Rom 12:6-8 en 1 Kor 12:27-31). Wat wel uit die res van die Nuwe Testament duidelik word, is dat die bestaan van 'n afsonderlike diakensamp ontwyfelbaar vasstaan. Filippense 1:1 en 1 Timoteus 3 laat geen twyfel hieroor nie.

Daar is ook enkele plekke in die Nuwe Testament waar die woord *bediening* (diakonia) bykans soos 'n tegniese term gebruik word om na die werk van die diaken te verwys (Rom 15:25-31, 2 Kor 8:4 en 9:1, 12 en 13). Dit is dus baie duidelik dat die diakensamp as 'n hoë en eervolle amp gehandhaaf is, maar die vraag kom dan nou na vore:

wat is die besondere inhoud van die eerbare amp? Hierdie vraag wil ons in die volgende onderafdeling beantwoord.

Die wese van die amp

Die diaken het 'n bepaalde opdrag en die amp het 'n bepaalde inhoud. Voordat 'n mens oor die inhoud en wese van die amp kan praat, is daar eers 'n baie belangrike stelling wat gemaak moet word: Diakenswerk is 'n roeping van God. Dit is die Here self wat die diaken roep en deur sy Woord toerus en bekwaam maak vir sy taak. Prof B J Engelbrecht (*Woord en Diens*, bl 6) stel dit so: "Behalwe bron en rigsnoer is die Woord van God ook oproep tot sy dienswerk en diens (bv Matt 28:19) ... sy Woord roep ook mense om as diaken barmhartigheid te doen en in die ellendiges as't ware Homself te dien (bv Matt 25:34-40, 1 Tim 3:8-10).

Sy Woord roep nie net op tot sy dienswerk hier op aarde deur sy gesante (2 Kor 5:20) nie, maar deur sy Woord en Gees rus Hy ook mense toe vir sy dienswerk (Ef 4:11 en 12, 2 Tim 3:17 en bv 1 Kor 12:3-11 en 28-31)".

Alles wat die diaken nodig het vir die uitvoering van sy amp as 'n dienswerk aan die gemeente, ontvang hy van die drie-enige God, die Vader, Seun en Heilige Gees (1 Kor 12:4-6).

Eers nadat ons dié stelling gemaak het, kan ons probeer om vas te stel wat die ware inhoud en opdrag, die wese van die diakensamp is. Dit is 'n antwoord wat ons alleen in die Woord van God kan vind. Ons kom hier egter voor 'n probleem te staan, aangesien ons nêrens in die Nuwe Testament direkte gegewens oor die inhoud en wese van die diakensamp vind nie. Selfs wanneer ons 'n Skrifgedeelte soos 1 Timoteus 3:8-13, waar daar breedvoerig uitgewei word oor al die vereistes waaraan 'n diaken moet voldoen, noukeurig ondersoek, kan ons geen enkele aanduiding vind van wat die ware aard van die diaken se werk moet wees nie. 'n Ander probleem is dat ons nie sommer oral in die Bybel waar die woorde voorkom waarvan ons woord *diaken* afgelei is, naamlik dien, bediening, dienaar wees (diakonia, diakonein), die afleiding kan maak dat dit nou iets moet sê oor die werk van die diaken nie. Dit is naamlik so dat hierdie woorde 'n groot verskeidenheid betekenisskakeringe in die Bybel het wat op verskillende sake betrekking het.

Hoe sal ons dan te werk gaan om die wese van die diakensamp te bepaal? Daar blyk in werklikheid net twee weë te wees wat ons kan

volg. Ons sal eerstens moet let op alles wat Jesus self oor barmhartigheid, oor ons houding teenoor die armes, ellendiges, minder-bevoorregtes, swakkes en siekes en hoe ons hulle moet help en oprig, gesê het. Ons sal moet let op al Jesus se uitsprake oor diens en bediening *(diakonia, diakonein)* aan die ellendiges en sorgebehoewendes. Net so belangrik is dat ons sal let op hoe Jesus hulle self gedien het met sy barmhartigheid. Vanuit wat hier in die algemeen oor die barmhartigheid aan en bediening van die sorgbehoewendes gesê word, sal ons sekere afleidings kan maak oor die besondere diens en bediening (diakonia, diakonein) van die diakensamp.

In die tweede plek sal ons na die lewe en bestaan van die gemeente moet kyk en vra watter plek aan die diakonaat, die bediening van die behoeftiges in die gemeente gegee is. Die diakensamp is tog 'n gawe wat aan die gemeente as liggaam van Christus gegee is. Watter funksie, watter doel en werking het die diakenswerk om die gemeente sy werk as liggaam van Christus behoorlik te laat doen? Wat is die verhouding tussen die diakensamp en die lewe in die gemeente? As ons die vrae beantwoord het, sal ons baie naby aan die wese van die diakensamp kom en beter verstaan waarom so 'n amp in die kerk nodig is.

In die eerste plek is dit baie belangrik om daarop te let dat daar 'n baie noue verband bestaan tussen die barmhartigheid van God aan die mens in nood, soos dit in Jesus se werk op aarde na vore gekom het, en die werk van die diaken. In der waarheid kan ons sonder teenspraak stel dat die Bybel alle gelowiges oproep om iets van die ontferming en barmhartigheid van Christus aan hulle eie lewe na vore te bring in die hulp, bystand en ondersteuning wat hulle aan die naaste in aardse nood gee. Van alle gelowiges word gevra om in hulle diens aan die ellendige en hulpbehoewende 'n weerkaatsing van Christus se diens en barmhartigheid te gee. Jesus se uitspraak in die bergrede (Luk 6:36) wys duidelik in die rigting: "Wees barmhartig soos julle Vader barmhartig is." Hierdie oproep geld vir alle gelowiges in die algemeen, maar die Here het dit in sy wysheid goedgevind om 'n amp in die kerk in te stel, waarin sy barmhartigheid en diens aan die mens in aardse nood, in die besonder na vore kom. Die diaken het die besondere eer dat sy amp aan die wêreld getuienis kan gee van die barmhartigheid wat Christus skenk.

Waarin lê die barmhartigheid van God in Christus dan waarvan die diakensamp, as 'n besondere roeping, getuienis moet gee? Die barmhartigheid van God in Christus lê in die eerste plek sekerlik

daarin dat Christus met sy lyding, sy sterwe aan die kruis en sy opstanding die sonde en dood oorwin het, en vir ons verlossing van sonde en dood gebring het. Dit is waar, maar die Bybel maak dit ook baie duidelik dat die sonde sekere gevolge en deurwerkinge het wat in die gewone alledaagse lewe na vore kom. Hierdie gevolge van die sonde kan ons sien in al die swaarkry en ellende wat daar in die lewe is. Menslike lyding, siekte, armoede, verwaarlosing van die ellendiges – dit alles is gevolge en deurwerkinge van die sonde. God se barmhartigheid in Christus word dan ook daarin gesien dat Christus ingegryp het in die aardse nood en ellende van die mens. Die mens het nie net barmhartigheid gevind deurdat Christus ons verlos van sonde en dood nie, maar ons sien die barmhartigheid ook daarin dat Jesus ook die gevolge van die sonde vir die aardse lewe van die mens wil wegneem en verlig. Oral in die evangelies waar Jesus die siekes gesond maak, die ellendiges help en aan hongeriges kos gee, is Hy besig om sy groot barmhartigheid te bewys deurdat Hy ook die gevolge van die sonde wil oorwin en herstel.

Die diaken is die mens wat in die besonder geroep word om met sy werk heen te wys na hierdie barmhartigheid in en deur Christus, wat Hy ook op tasbare en stoflike gebied aan mense gedoen het. Die diaken se werk wys hier na die enigste Bron waaruit die mens in sy sonde gehelp kan word, naamlik Jesus Christus. Deur die diens van die diaken gee die kerk aan die ganse mensdom getuienis dat daar net een Bron is vanwaar ons waarlik hulp kan kry in ons sonde-nood, 'n nood wat gesien kan word uit ons stoflike nood en ellende, soos armoede en ellende. As diaken herinner ons die wêreld voortdurend aan God se groot barmhartigheid in Jesus Christus.

Jesus het die saak so belangrik geag dat Hy selfs 'n duidelike voorskrif aan die gelowiges gegee het dat Hy van hulle verwag om barmhartigheid te bewys aan die hongeriges, dorstiges, haweloses, gebrekkig-gekledes, siekes en gevangenes van hierdie lewe (Matt 25:31-46). In dié gedeelte word dit baie duidelik dat Jesus die saak van die barmhartigheid so ernstig beskou dat Hyself as't ware in die behoeftiges, hongeriges en dorstiges na ons toe kom en aanspraak maak op ons barmhartigheid en sorgsame diens. Daarom is dit ook so dat ons kan sê dat die diaken in sy diens aan sy medemens in werklikheid niemand anders as Jesus Christus self dien en bedien nie.

'n Tweede grond waaruit die diakenskap gegroei het, was die hele aard en opset van die gemeentelike lewe self. Daar bestaan 'n innige

band tussen die gemeente en die liggaam van Christus en die amp van die diaken as een van die genadegawes van God aan sy gemeente. Op die wyse verrig die gemeente sy taak as liggaam van Christus behoorlik.

Die lewe in die gemeente word ook in die Bybel beskryf as gemeenskap *(koinonia)*, as gemeenskap van die heiliges. Reeds in Handelinge 2:42 word die gemeenskap van die gelowiges as 'n kenmerk van lewe in die kerk genoem. Hierdie gemeenskap is sekerlik 'n saak wat in die eerste plek geestelik verstaan moet word, maar dit is ook heel duidelik dat die gemeenskap van die begin af ook gesien is as iets wat prakties en in die daad teenoor mekaar beleef moet word. As daar in die liggaam van Christus werklik gemeenskap beoefen word, sal dit ook in die daad teenoor mekaar getoon word. Dit word op meer as een plek in die Bybel gestel dat hierdie gemeenskap (van die gelowiges of van die heiliges) uitloop op 'n daadwerklike hulpbetoning, diens, bediening *(diakonia-* waarvan ons woord diaken afgelei is). (Vgl Rom 15:25-31, 2 Kor 8:19-20 en 2 Kor 9:1, 12 en 13). In Handelinge 2:42-45 word dit duidelik dat die volharding in die gemeenskap daarin gesien kan word dat die gelowiges werklik hulle besittings verkoop het en onderling verdeel het in ware gemeenskap, sodat die gemeente kon groei en vooruitgaan. Uit Romeine 15:26 en 27 word dit duidelik dat Paulus die saak so gesien het dat waar daar ware geestelike geloofsgemeenskap is, daar noodwendig 'n gemeenskap in die stoflike dinge moet wees.

Dit blyk ook verder uit die Bybel dat daar spoedig manne aangestel is om hierdie bediening (diakonia) van die tasbare gemeenskapsbeoefening te behartig. So is daar manne aangestel om die praktiese gemeenskap wat na vore gekom het in die versorging van die heiliges in Jerusalem, te organiseer en te administreer en die gawes wat geskenk is uit te deel (2 Kor 8:19, Hand 11:29-30 en 12:25). Daar is ook manne gekies wat Paulus in hierdie *bediening* van die behoeftiges behulpsaam moes wees. (1 Kor 16:3-4 en 2 Kor 8:18, 19, 22 en 23). Hulle moes die liefdesgawes ontvang (2 Kor 8:24) en dit afdra aan die gemeente van Jerusalem.

Hoewel hierdie manne nie in die Bybel by name diakens genoem word nie, het hulle hul besig gehou met die wesenlike van die diakensamp soos dit later in die kerk na vore gekom het. Ons kan dit soos volg saamvat: Die diaken is die mens wat met stoflike middele aandui hoe die gemeente die gemeenskap van die heiliges prakties en konkreet uitleef. Die gemeenskap van die heiliges wat daar binne

die gemeente as liggaam van Christus moet wees, as die liggaam sy werking as liggaam volkome wil uitvoer, word in die werk van die diaken sigbaar in stand gehou op stoflike gebied. Deurdat hy die gawes vir die behoeftiges insamel, beheer en uitdeel, asook deelneem aan die tasbare versorging van en voorsiening in die behoeftes van die behoeftiges, gee die diaken op amptelike vlak getuienis dat die gemeente as liggaam van Christus werklik die gemeenskap in Christus *beoefen* en ook gemeenskap *het* aan al die heerlike gawes van Christus.

Daar is nog 'n ander aspek van die amp van die diaken wat nou saamhang met die gedagte van die "stoflike" en konkrete belewing van die gemeenskap in Christus. Dit blyk baie duidelik uit die Bybel dat al die gawes wat die gelowiges gee om die dienaars van die Woord te onderhou en in staat te stel om die Woord onbekommerd te verkondig, ook gesien is as 'n tasbare en konkrete bewys van die gemeenskap wat daar in Christus en aan sy gawes is (vgl Fil 4:10 en Gal 6:6). As die diaken dan die mens is wat amptelik aangestel is om die gemeenskap (koinonia) van die gelowiges op stoflike gebied te reël en te beheer, dan val die ontvang en insameling van die offers vir die onderhouding van die verkondiging van die Woord ook binne die werksgebied van die diaken. As ons verder daarop let dat Paulus in 2 Korintiërs 9:5, 12 en 13 al die offergawes wat daar gegee word vir die behoeftiges as 'n dankoffer, 'n danksegging, 'n verheerliking van God sien, en dat dit juis die diaken is wat aangestel is om hierdie stoflike dankoffers van die gemeente te beheer, dan kan ons die volgende mooi uitspraak oor die werk van die diaken maak: Deurdat die diaken amptelik aangestel is om die stoflike dankoffers van die gemeente te hanteer en in te samel en die gemeente ook voortdurend aan te moedig om hulle offers van stoflike danksegging te bring, verkry hy 'n heerlike roeping. Hierdie roeping is om die gawes in te samel en uit te deel:

waardeur die behoeftiges versorg en bedien word;
waardeur die prediking van die Woord en die bediening van die sakramente moontlik gemaak word;
waardeur die hele erediens moontlik gemaak word (en dit sluit die kerkgebou met sy onderhoud in);
waardeur die hele sigbare gemeenskap van die gelowiges binne die liggaam van Christus met al die herderlike werk daaromheen onderhou word.

KITAL

Kortliks moet die diaken sorg vir die prakties-stoflike grondslag waarop die dienswerk van die gemeente as liggaam van Christus op aarde gebou word.

Daar is nog 'n laaste aspek van die werk van die diaken wat ook nou verbind is met die praktiese belewing van die gemeenskap van die heiliges. Dit is naamlik die diaken se werk by die tafel van die Here. Volgens sy oorspronklike betekenis het die woord diaken veral kelner of tafelbediende beteken. Iets hiervan vind ons terug in die diaken se "kelnerwerk" by die nagmaalstafel. Hierdie werk van die diaken het sekerlik sy oorsprong in die liefdesmaaltye waarvan ons onder andere in Handelinge 2:42 en 46 en Handelinge 6:2 lees. Daar word dit as die breking van die brood, die bediening van die tafels, aangedui. Hierdie liefdesmaaltye was by uitstek die gemeente se geleentheid om op 'n konkrete manier die gemeenskap van die gelowiges te illustreer. By die gemeenskaplike maaltye het die gemeentelede geleentheid gekry om gawes in die vorm van voedsel te bring. Hieruit is die behoeftiges versorg en hieruit het die gemeenskapsgedagte ook voortgekom.

Die liefdesmaaltye was ook in besonder die geleentheid waartydens die heilige nagmaal bedien is. So was hierdie geleentheid waartydens gewone brood uitgedeel is, ook die groot geleentheid waartydens die Brood van die ewige lewe, Christus self, uitgedeel is (vgl Joh 6:22-59). Die sewe wat volgens Handelinge 6:3 gekies is om by die bediening van die tafels te help, het dus nie net gehelp met die bediening van die gewone brood nie, maar ook met die bediening van die nagmaal self, die bediening van die Brood van die lewe. Hieruit het die gedagte gegroei dat die diaken wat geroep is as bedienaar van die brood, 'n vaste plek by die bediening van die nagmaal moes kry. Met sy werk aan die nagmaalstafel, lewer die diaken dus ook 'n pragtige heenwysing na en getuienis van Christus as die ware Bron van hulp in al ons menslike nood. Wanneer die diaken aan die nagmaalstafel bedien, wil hy daarmee as't ware sê: al ons stoflike benodigdhede, al ons aardse brood, ontvang ons uit die hand van Christus. Ek is die ontvanger en uitdeler daarvan wat dit aan die gemeente bedien. Maar tegelykertyd sê die diaken aan die nagmaalstafel: ook al ons geestelike voedsel en drank, die hemelse Brood van die ewige lewe, ontvang ons uit die hand van Christus. Daarom maak Hy van my, die diaken, die bedienaar van die stoflike brood. Hy gebruik my om as tafelbediende op te tree waar die ware geestelik Brood bedien word.

Die amp in die vroeë kerk

Die geskiedenis van die diakensamp in die vroeë kerk bring een saak duidelik na vore. Dit is dat daar van die begin af uitgegaan is van 'n onderskeid tussen die ampte van ouderling en diaken. Die amp van die diaken is van die begin af gehandhaaf. So skryf Clemens Romanus alreeds in ongeveer 95 nC aan die gemeente van Korinte en waarsku teen die verval van die ampte. Hy maak melding van opsieners (ouderlinge) en diakens wat die apostels uit die eerste gelowiges aangestel het. Hieruit kan ons aflei dat die gemeente te Rome en Korinte in elk geval ouderlinge en diakens gehad het. Die pastor Hermes meld weer vier ampte: apostels, opsieners, leraars en diakens.

Hoewel die diakensamp van die begin af in die vroeë kerk gehandhaaf is, het dit glad nie 'n gelukkige geskiedenis gehad nie. Dit het 'n treurige geskiedenis van geleidelike verval en agteruitgang gehad. Die verval het daarin gelê dat die diakensamp geleidelik sy selfstandigheid verloor het en ondergeskik geword het aan die presbiter (priester). Dit het uiteindelik net bly bestaan as 'n aanhangsel van die priestersamp.

Een van die oorsake van die ontwikkeling moet daarin gesoek word dat die Ou Testament en die Jodedom van vroeg af 'n sterk invloed op die kerk uitgeoefen het. Die gevolg hiervan was dat die vroeë kerk sy ampte op die voetspoor van die Ou Testament georden het. Die biskop het in die plek van die hoëpriester gekom, die presbiter in die plek van die priester (hulle is ook uiteindelik priesters genoem) en die diaken in die plek van die leviet. Hiermee saam het die gedagte bestaan dat die ampsindeling op 'n hiërargie (rangorde van ondergeskiktheid) gegrond moet wees. Heel bo het die biskop gestaan, ondergeskik aan hom die presbiter (priester) en in die laagste rang onder hulle die diaken. Die saak is uiteindelik so ver gevoer dat daar ook binne die diakensamp 'n rangorde ('n hiërargie) geskep is wat as hoogste rang die aartsdiaken gehad het, gevolg deur die diaken, met die hulpdiaken in die laagste rangorde.

'n Ontwikkeling wat nou hiermee saamhang, is dat die diaken al hoe meer gesien is as 'n blote hulp vir die biskop of priester in die erediens. Die diaken het uiteindelik niks meer as 'n blote assistent by die erediens geword nie. So stel die Canones Hypolyti reeds aan die begin van die derde eeu dat die diakendiens hulpdiens is vir die biskop in die kultus.

Dit is die ontwikkeling van die sogenaamde liturgiese diaken (liturgie beteken erediens, orde van erediens). 'n Gedagte wat in die ontwikkeling meegehelp het, is die siening dat die diakensamp ooreenstem met die van die leviet wat met die offerdiens gehelp het. Hierby moet ook in gedagte gehou word dat die diaken van die begin af betrek is by die liefdesmaaltye, die breking van die brood (Hand 2:42 en 46 en 6:2 en 3), dit is die nagmaalsviering. Reeds vroeg in die geskiedenis van die kerk het die presbiter (later priester) hier by die nagmaalsviering (liefdesmaaltyd) die leiding geneem, terwyl die diaken hom bygestaan het deur vir die voorbereiding en bediening van die maaltye te sorg. Die diaken het dus van die begin af wel 'n liturgiese funksie by die tafeldiens gehad.

Die diaken se funksie as blote hulp van die biskop en priester by die liturgiese handelinge in die erediens, is later so uitgebrei dat dit die volgende omvat het: Die diaken het singend geantwoord in die erediens, die Skriflesing waargeneem by die erediens, deure in 'n skeiding wat die gemeente en die altaarruimte van mekaar skei oopgesluit en toegesluit, dankseggingsmaaltye voorberei, gehelp by die uitdeel van die kommunie (nagmaal), selfs gedoop en gepreek wanneer die priester of biskop dit toegelaat het, en ook kinders in die geloofsonderrig ondervra.

Hand aan hand met al die ontwikkelinge het die diakensamp geleidelik sy ware Bybelse inhoud verloor. Die versorging van die behoeftiges, die barmhartigheidsdiens is uit die hand van die diaken geneem. Die biskop het reeds vroeg begin om die armversorging uit die hande van die diaken te neem en dit self waar te neem. In die begin was die biskoppe wel baie getroue armversorgers, dog later het daar 'n verval ingetree sodat daar van werklike gemeentelike barmhartigheidsdiens weinig sprake was. Die wesenlike van die saak is egter net dat die diaken sy Bybelse opdrag om niks anders as 'n eredienshulp vir die priester en biskop te word nie, ontneem is. Die gevolg was tragies: die diakensamp het hoe langer hoe meer niksseggend geword om uiteindelik maar net as niks anders as 'n voorstap tot die priestersamp beskou te word nie.

In die Middeleeue vind ons dan dat 'n selfstandige diakensamp waardeur die kerk sy barmhartigheidsdiens kon beoefen, geheel en al ontbreek het. Dit was nog net kloosters en kloosterordes wat hulle bemoei het met barmhartigheidsdiens, onder andere deur hospitale in stand te hou. Daar was egter geen amptelike barmhartigheidsdiens nie. Waar daar nog sprake van barmhartigheidsdiens was, was

dit enkelinge wat dit beoefen het. Dog ook die enkelinge het nie ware barmhartigheidsdiens gedoen nie. Hulle was bloot aangevuur deur die gedagte wat in die Middeleeue voorgehou is, naamlik dat 'n mens met jou goeie werke 'n loon tot die ewige lewe kon verdien. Elke aalmoes en gawe wat aan 'n arme gegee is, is vergesel van die gedagte dat 'n mens daarmee vir jouself vergewing van sonde of 'n loon in die hemel, verdien. Die gevolg was dat niemand eers aan so iets soos 'n barmhartigheidsdiens van die gemeente gedink het nie.

Wat die Middeleeue betref, moet ons ongelukkig opmerk dat die diakensamp daar in sy graf verkeer het. Dit was alleen die Hervorming wat die diakensamp weer volgens sy Bybelse inhoud laat herlewe en herstel het.

Die amp volgens die Reformasie

Dit was eers weer die Hervormers in die tyd van die Reformasie wat 'n ernstige poging aangewend het om 'n streep deur die dwaling van die eeue te trek en die diakensamp weer te bou op Bybelse grondslae. Hier is Maarten Luther en Johannes Calvyn twee belangrike figure en daarom wil ons net kortliks na hulle standpunte verwys.

Maarten Luther het die diakensamp weer teruggevoer na sy oorspronklike doel, naamlik dat dit ingestel is om die armes te versorg. Ten spyte van hierdie insig van Luther wat die diakensamp teruggebring het op die Bybelse spoor, het die diakenskap nooit tot volle ontwikkeling gekom om 'n volwaardige amp in die Lutherse kerk te word nie. Dit moet daaraan toegeskryf word dat Luther nie werklik belang gestel het in die organisasie van die kerklike lewe nie, en die kerklike organisasie te maklik gaan bind het aan die burgerlike owerhede. So is die diakens wel deur die gemeente verkies, maar die burgerlike owerhede het hulle aangestel, met die gevolg dat die diaken in der waarheid ook onder die gesag van die burgerlike owerheid gestaan het. Armversorging was dus 'n gesamentlike poging van kerk en owerheid. Die gevolg was dat die kerk dit al hoe minder as sy plig beskou het om die behoeftiges te versorg. Uiteindelik het die sorg vir armes en behoeftiges oorgegaan in die hande van allerlei stigtings en organisasies sonder spesifiek kerklike bande. Die kerk het dus hier sy roeping laat vaar en die diakensamp is sy Bybelse inhoud ontneem. Die gevolg was dat die diaken op die patroon van die Roomse kerk, blote hulppredikers en kapelane geword het wat gehelp het met die prediking.

Die man wat die suksesvolste poging aangewend het om die diakensamp na die bedoeling van die Bybel te herstel, was Johannes Calvyn. Hy het al die verduisterende gegewens wat deur die eeue om die amp van die diaken opgehoop het, eenvoudig geïgnoreer en na die saaklike gegewens van die Bybel teruggekeer (vgl sy "Institusie" Boek IV, hoofstuk 4, paragraaf 9 en hoofstuk 13, paragraaf 19). Hy vind die instelling van die diakensamp in Handelinge 6 in die opdrag aan die sewe manne aan wie die bediening van die tafels opgedra is. Hieruit lei hy af dat die sorg van die armes aan die diaken opgedra is. Hy gaan verder en op grond van Romeine 12:8 onderskei hy twee soorte diakens. Die eerste groep is die diakens wat die gawes vir die armes moet ontvang, versamel, beheer en uitdeel. Die tweede groep diakens is die wat die sorg van die armes en siekes self waarneem. Calvyn maak dus 'n onderskeid tussen die beheer van die goedere vir die armes en die versorging van die armes en siekes en dra dit aan twee groepe diakens op. Hierdie onderskeid het later in die Calvinistiese kerke weggeval, sodat die diakensamp die hele opdrag soos vervat in Calvyn se twee onderskeidings, omvat het. Op hierdie riglyn van Calvyn het 'n baie lewenskragtige diakensamp gegroei.

As 'n interessante feit wil ons daarop wys dat ons in die Nederduitsch Hervormde Kerk met 'n erfenis uit die Franse Calvinistiese kerk te doen het. Hierdie erfenis is dat die diaken prakties deel het aan die regerende mag van die ouderling deur sy volle sitting en stem op die kerkraadsvergadering. Dit was iets wat net in die Franse kerk van die Hervorming gebeur het. In die ander reformatoriese kerke is daar 'n duidelike onderskeid gemaak tussen die regerende taak van die ouderling en die taak van die diaken, en is die diaken se opdrag net beperk tot die beheer en uitvoering van die armsorg en barmhartigheidsdiens sonder enige stem in die regering van die kerk.

Ons wil nog 'n laaste opmerking maak en daarmee aansluit by die onderafdeling wat hierop volg. Calvyn het op grond van 1 Timoteus 5:9 en 10 die weduwees ingesluit onder die groep diakens wat belas was met die versorging van die armes en siekes.

Die vrou in die amp

Die Nederduitsch Hervormde Kerk was die eerste van die drie Afrikaanse (suster) kerke wat die vrou tot die amp van die diaken toege-

laat het. Ons wil nie weer al die argumente en teenargumente herhaal wat die besluit voorafgegaan het nie, maar in elk geval daarop wys dat die besluit geneem is teen die agtergrond van 'n sterk tradisie waarin alle ampswerk in die kerk tot mans beperk gebly het. In die lig van die skrale gegewens wat daar alreeds in die Bybel is oor die instelling en inhoud van die diakensamp, is dit te verstane dat daar nog baie minder gegewens sal wees oor die vrou in die amp – indien nie net vae aanduidings nie.

Ons kerk het hom in hoofsaak deur die volgende aanduidings in die Bybel laat lei in sy besluit:

Romeine 16:1 Fébé word 'n dienares van die gemeente genoem en die woord vir dienares in die Grieks is dieselfde woord wat ook met diaken vertaal word (diakonos). Daar is dus 'n moontlikheid dat sy diakones kon wees.

1 Timoteus 3:11 Daar is ook verskil van mening oor die uitleg van die vers, maar dit is moontlik dat hier van vroulike diakens gepraat word en baie uitleggers verstaan dit ook so.

1 Timoteus 5:9 en 10 Ons het gesien dat Calvyn alreeds van oordeel was dat die weduwees van wie hier sprake is by die diakensamp betrek moet word.

Die hoofsaak is net dat dit nou ook vir die vrou in die Nederduitsch Hervormde Kerk moontlik is om amptelik deel te hê aan die volle ryke omvang van die roeping wat aan die diaken opgedra is. Die vrou kan haar diens van barmhartigheid uitleef as 'n amptelike dienares (diakonos) van die Heer van die kerk.

Kontrole vrae

1. Wat is die eerste saak wat vanuit die Bybel oor die diakensamp duidelik word?

   .....

2. Wat sê die Bybel oor die instelling van die diakensamp?

   .....

3. Hoe moet ons Handelinge 6:1-6 verstaan?

   .....

4. Sê iets oor die wese van die diakensamp.

.....

5. Waarin lê die barmhartigheid van God in Christus waarvan die diakensamp, as besondere roeping, getuienis moet gee?

.....

6. Wat weet u van die verband tussen gemeenskap van die heiliges en daadwerklike hulpbetoning?

.....

7. Behoort die insameling van die offergawes ook die werk van die diaken te wees? Motiveer u antwoord.

.....

8. Die diakensamp het in die vroeë kerk nie 'n gelukkige geskiedenis gehad nie. Hoe het dit verloop?

.....

9. Hoekom sê ons Johannes Calvyn het die beste daarin geslaag om die diakensamp na die bedoeling van die Bybel te herstel?

.....

10. Wat sê die Bybel oor die vrou in hierdie amp?

.....

Onderwerpe vir bespreking

1. Die amp in die Bybel.
2. Die amp in die vroeë kerk.
3. Die amp volgens die Reformasie.
4. Die vrou in die amp.

2
Die diaken en die kerk

Die diaken en die gemeente

Wanneer ons die Bybel noukeurig lees, ontdek ons altyd 'n driehoek. By die eerste hoek staan daar "verkondigers van die Woord van God en bediening van sy heilige sakramente." By die tweede hoek staan daar "gemeente van Jesus Christus en sy opsig deur die ouderlinge." Hierdie punt is 'n lynregte uitvloeisel of vrug van die eerste punt of hoek. Vanuit bogenoemde twee punte kry ons die derde hoekpunt en daar staan dan "diakonaat." Bokant hierdie drie hoeke is 'n vierde hoekpunt waaraan elkeen van die onderste drie regstreeks verbind is. By daardie uitgangspunt staan die Naam van die drie-enige God geskrywe. Uit Hom en tot Hom is die gemeente of kerk van God.



Vir die vervulling van sy volledige drievoudige roeping en verantwoordelikheid voor God, moet die gemeente volgens die Bybel, ook diakens kies. Diakens is dus nie persone wat hulleself daarstel nie. Dit is 'n heilige amp, en die ordelike gemeente van God moet hulle op 'n baie ordelike wyse kies. God is nie 'n God van wanorde nie (1 Kor 14).

In die praktyk vind die verkiesing dan so plaas: Die kerkraadslede wat voortdurend in hulle gemeentelike wyke rondgaan en die lidmate leer kan, merk dat sekere lidmate so leef dat hulle vir die diens van die diaken geskik sal wees. Met hierdie getuienis aangaande die lidmate gaan hulle na die kerkraadsvergadering. Daar word die lidmate dan gestel om as diakens deur 'n gemeentevergadering gekies te word. Die kerkraadsvergadering kan vir elke wyk twee persone vir die verkiesing stel. Die gemeentevergadering kan nog een byvoeg. Die verkiesing vind dan deur opsteek van hande plaas. Die een wat die meerderheid stemme kry, is verkies. Van so 'n gemeentevergadering word die Sondag vantevore deur afkondiging by die erediens kennis gegee. Die name van die persone wat verkies is, word die volgende twee Sondae by die eredienste afgekondig om lidmate wat beswaar mag hê teen die lewenswandel of die belydenis van die verkose diakens, die geleentheid te gee om binne drie dae, skriftelike beswaar by die kerkraad in te dien. Indien daar geen besware is nie, of as daar wel besware kom en dit deur die kerkraad in sy verantwoorde behandeling daarvan ongegrond bevind word, dan vind die bevestiging so gou as moontlik plaas.

Die bevestiging is 'n plegtige handeling. Die aanvaarde formulier van die kerk word in die openbare erediens voorgelees en die verkose diakens moet duidelik voor die hele gemeente, wat in die erediens saam is, op drie vrae "ja" antwoord:

"Is u in u hart daarvan oortuig dat u wettig deur die gemeente van God, en daarom deur God self, tot hierdie heilige diens geroep is?"
"Bely u dat u die Ou- en Nuwe Testament aanvaar as die onfeilbare Woord van God en as die volkome leer van die saligheid, en verwerp u alle leringe wat daarmee in stryd is?"
"Bely u om u amp, soos dit aan u voorgehou is, volgens hierdie leer getrou te vervul? Beloof u ook om 'n Christelike lewe te lei en u aan die kerklike vermaninge en tug te onderwerp as u u misdra en u amp nie getrou bedien nie?"

Daarop word hulle deur die leraar van die kerk bevestig met die ernstige woord: "Mag die almagtige God en Vader u sy genade gee dat u in hierdie diens getrou en vrugbaar werksaam mag wees."

Na hierdie plegtigheid bid die gemeente dat die Here God self die diakens bekwaam moet maak vir die heilige dienswerk, omdat hulle barmhartigheidsdiens aan die mense geskied uit dankbaarheid teenoor God wat ons so barmhartig was in Jesus Christus. Die diakens versamel die offergawes van die gemeente as teken van die genadegawes van God in Jesus Christus.

Die diaken en die kerkraad

In die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is die diakens lede van die kerkraad. In baie ander kerke is dit nie die geval nie. Is daar dan goeie rede daarvoor dat die diaken wel lid van die kerkraad moet wees? Ek is van mening dat dit wel so is. Ons kan hier gerus weer dink aan die driehoek waarvan ons in die afdeling "die diaken en die gemeente", geskryf het. Die drie hoeke, naamlik verkondiging, gemeenskap wat ordelik regeer word, en barmhartigheidsdiens is die rede waarom die diakens lede van die kerkraad moet wees. Die gemeente met die drievoudige roeping is 'n *eenheid* wat uit die drieenige God, wat in Jesus Christus geopenbaar is, stam. Daarom word die verskillende ampte wel onderskei volgens werkverdeling, maar kan hulle nooit geskei word nie. Hulle is saam in God verenig en daarom saam in die gemeente met sy kerkraad verenig.

In die praktyk van die kerkraad het 'n diaken ook die reg en die verantwoordelikheid om as 'n volwaardige lid mee te werk aan die totale opbou van die gemeente, stoflik en geestelik. Die werk in die gemeente vind plaas op verskillende terreine waar die verskillende ampte en ampsdraers – predikante, ouderlinge en diakens – geroep en betrek word. In die formulier vir die bevestiging van diakens, staan in ons *Diensboek* op bladsy 61 dat die diaken se amp behels om met getrouheid die "huisgenote van die geloof", maar ook alle mense wat in nood is te versorg; die armes, die siekes, die oues van dae, die bedroefdes, die weduwees, die wese, ja elke mens in nood en ellende. Aangesien ons alleen ware troos en verlossing in Jesus Christus kan vind, sal die vertroosting uit die Woord van God sentraal in hulle werk moet staan en sal dit gedoen moet word in noue samehang met die ander ampte.

Die kerkraad gee leiding aan, hou toesig oor al die ampswerk en

die ampsdraers van die gemeente. Daarom is dit logies dat al drie onderskeie ampte saam op die kerkraad moet dien. In die praktyk van die kerklike lewe doen die diakens die insameling van die offergawes. Hulle verlig hiermee die nood van die wat in ellende verkeer. Hulle versamel ook die offergawes wat noodsaaklik is vir die instandhouding van die gemeente met sy erediens ter verheerliking van die drie-enige God. Die kerkraad is die opsig- en toesighoudende liggaam van die gemeente oor al hierdie werksaamhede. Die diakens wat hier in die brandpunt staan en die nuwe aktiewe betrokkenes is, moet dan ook sitting hê as volwaardige lede van die kerkraad. Daarom behoort elke diaken gereeld en getrou die kerkraadsvergadering by te woon.

Die diaken en die predikant

Die predikant en sy dienswerk, naamlik die verkondiging van die Woord van God en die bediening van die sakramente wat Jesus Christus ingestel het, staan by die eerste hoekpunt van die driehoek. Die diaken en sy werk staan by die derde hoekpunt. Die predikant en die diaken staan onder dieselfde Heer van die gemeente en kerk. Hulle opdragte vorm 'n eenheid. Hulle werk dus saam in noue en wesenlike verband. Die duidelikste raakpunt van hulle arbeid vind ons ook in die formulier vir die bevestiging van diakens: "Daarom is dit goed dat hulle nie net met die uiterlike gawes nie, maar ook met gepaste trooswoorde uit die Woord van God, aan die armes en ellendiges hulp verleen."

Die diakens ontvang voortdurend raad en advies vir hulle taak; aanmoediging, vermaning en teregwysing uit die Woord van God. Die dienaar van die Woord is hier steeds die een wat geroep is om hierdie raad aan die diakens te gee.

Behalwe dat 'n diaken wat maandeliks by die huisgesinne en lidmate kerklike besoeke aflê, aan die armes en ellendiges "trooswoorde uit die Woord van God" bring, bring hy ook die noodgevalle onder die aandag van die predikant en die kerkraad. Die predikant is in besonder toegerus om die "trooswoorde uit die Woord van God" na die armes en ellendiges by hulle huise te bring.

Wat vermaning en teregwysing betref, bring die diaken waar dit nodig is dit ook onder die aandag van die predikant, die ouderling en die kerkraad. Wat vrae of probleme in verband met die Bybel, die geloof en die kerk betref, kan die diaken steeds die hulp van die

predikant inroep. Die diaken as die skakel, gaan dan saam met die predikant na daardie lidmate waar vrae en probleme opgeduik het. Die pastorale gesprek is in sulke gevalle vir die diaken ook 'n pragtige geleentheid waar hy onderrig kan word.

Die diakonaat sorg dat die predikant steeds op hoogte gehou word met alle verrigtinge en besluite van die diakensvergadering. Die sterk band tussen diaken en predikant bly ook duidelik in die praktyk van die kerklike lewe, soos byvoorbeeld die diakonale werk in ringsverband.

Die ringsvergadering benoem gewoonlik predikante as voorsitter en ondervoorsitter van die rings-diakonale raad. Predikante van die ring word gereeld uitgenooi om sulke streeksvergaderinge by te woon en aktief daaraan deel te neem.

Net soos die Woordverkondiging en sakramentsbediening met die barmhartigheidsdiens verbonde is, so is daar tussen hierdie twee ampsdraers, predikant en diaken, die nouste samewerking tot eer van God en tot heil van sy gemeente en kerk.

Die diaken en die ouderling

Net soos die geval is met die amp van die dienaar van die Woord, is die diakensamp ook onlosmaaklik aan die amp van die ouderling verbonde.

Saam met die ouderlinge dien die diakens op die kerkraad. Die barmhartigheidsdiens waartoe die diakens geroep is, kom steeds onder die aandag, opsig en toesig van die ouderlinge in die kerkraadsvergadering. Barmhartigheidsdiens moet ordelik verrig word. Die ouderling wat geroep is tot die regeeramp, is verantwoordelik daarvoor dat die dienswerk van die diakens reg moet geskied.

Die ouderlinge wat gewoonlik self jare lank diakens was, beskik oor 'n skat van ervaring waarvan die diakens, tot voordeel van hulle dienswerk, gebruik moet maak.

Net soos in die geval van die predikant, moet die diaken gebruik maak van die kennis en wysheid van die ouderling wanneer daar by die lidmate in sy wyk vrae, besware en moeilikhede opduik. Diaken en ouderling moet dikwels saam die huisgesinne en lidmate in hul betrokke wyke besoek. 'n Goeie verstandhouding tussen ouderling en diaken is noodsaaklik vir die opbou van die gemeente. As daar by elkeen van hulle in hulle onderlinge verhouding die gesindheid is wat daar in Jesus Christus was, sal hierdie seën wat hulle dra deur-

werk in die huisgesinne en lidmate wat hulle bearbei. Ouderling en diaken neem nie een die ander een se taak uit sy hande nie, maar hulle onderskeie dienste vul mekaar pragtig aan.

Soos wat hulle saam by die bevestiging voor die kansel staan en saam luister na die "formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens" (al is daar vir elkeen van die ampte 'n eie gedeelte), moet hulle daarná só saamwerk onder opdrag van dieselfde Heer. Hy roep sommige tot herders en leraars, ander tot ouderlinge en diakens, wat saam mede-arbeiders is om die gemeente, die bruid van Jesus Christus, gereed te maak om die Bruidegom te ontmoet.

Die kerkbesoek van die diaken

Woorde wek, maar voorbeelde trek. Dit is 'n spreekwoord wat op 'n kernagtige wyse raad gee, ook vir die diaken en sy taak om die lidmate wat aan sy sorg toevertrou is, aan te moedig om gereeld die eredienste by te woon. Dit is eenvoudig onmoontlik om ander mense aan te spoor tot iets waaraan ons self nie gereeld en met vreugde deelneem nie. Die diaken kan nie verwag dat sy poging om die lidmate met woorde te oortuig van die waarde van kerkbesoek, tot hulle sal deurdring solank hy 'n slegte voorbeeld stel nie.

'n Diaken wat traag is in sy kerkbesoek, sal nie met vreugde en volharding sy diens van barmhartigheid aan diegene wat in nood is, kan verrig nie. Die troosvolle evangeliewoord wat hy in die kerkdiens vir homself verneem, sal sy vrugte dra by die ellendiges, wat hy veral met vertroostinge uit die Woord van God moet help.

Deur sy kerkbesoek kom die moontlikheid tot die noodsaaklike band tussen die eerste en die derde hoekpunt van die reeds genoemde driehoek: Woordverkondiging, gemeente en barmhartigheidsdiens. Deur die kerkbesoek en wat hy daar belewe, word sy dienswerk as derde punt ook met die tweede hoekpunt, naamlik die gemeenskap van die heiliges, telkens weer versterk. Gereelde kerkbesoek deur die diaken is vir hom lewensnoodsaaklik as hy sy dienswerk in die regte gesindheid wil verrig. Daar word hy voortdurend met die geestelike voedsel vir sy roeping versterk. 'n Trae kerkganger kan onmoontlik as diaken gestel word. Die eerste voorwaarde wat gemeente en kerkraad vir die verkiesing van 'n diaken stel, is gereelde en meelewende kerkbesoek. Die kerkbesoek moet elke Sondag net so gereeld plaasvind as sy huisbesoek wat hy maandeliks doen.

Die vreugde waarmee hy sy wyksverpligtinge nakom, is gegrond op die vreugde waarmee hy Sondae kerk toe gaan.

Die eerste ding wat die diaken elke Sondagmôre doen, is om die Here God in wie se diens hy geroep is, te vra om krag sodat hy elke beswaar wat hom verhoed om kerk toe te gaan, kan oorwin.

Die diaken se plek in die erediens en by die nagmaalstafel

Die diaken is 'n ampsdraer van die kerk. By amptelike samekomste van die gemeente is hy dus teenwoordig. Die erediens met die verkondiging van Gods Woord en die bediening van die heilige nagmaal van die Here, is amptelike verrigtinge van die gemeente. Daarom is die diakens by dié geleenthede saam met die predikante en ouderlinge as deel van die kerkraad teenwoordig. Hulle moet dan ook ten opsigte van die orde en wese van die erediens voldoen aan wat die kerk van sy ampsdraers vereis.

Die *Kerkwet* noem dit duidelik in bepaling 173:

"Die diakens het ook die volgende take:

(a) Hulle deel die liefdesgawes van die gemeentes aan die armes, verweesdes en behoewendes uit en beheer en beskik oor diakonale gelde en goedere.
(b) Hulle samel die offergawes van die lidmate van die gemeente in.
(c) Hulle lewer tafeldiens by die nagmaal.
(d) Hulle moet gereeld by eredienste en sakramentsbediening teenwoordig wees.
(e) Dit is hulle verantwoordelikheid om die orde in die eredienste te bewaar."

Die diakens kom dus ook in die voorgeskrewe ampsdrag en neem hulle vasgestelde sitplekke in. Hulle is aktief betrek by die verrigtinge. Hulle moet toesien dat elke besoeker tuis is in die samekoms. Hulle barmhartigheidstaak vind hier plaas in die betoning van gasvryheid. Hulle sorg dat almal wat kom 'n sitplek in die gebou sowel as aan die nagmaalstafel vind. Hulle ganse doen en late is ten nouste verbind met barmhartigheidsdiens. Hulle dienswerk in die erediens is vrug van die verkondiging deur Woord en sakrament.

By 'n belangrike element van die erediens is hulle spesifiek betrek, naamlik by die ontvangs van die offergawes by die deure aan die

einde van die erediens. Dit word genoem die brugelement, omdat dit staan tussen erediens in die kerkgebou en erediens buite die kerkgebou. 'n Teoloog in die Praktiese Teologie het een keer die merkwaardige stelling gemaak dat die eintlike erediens begin as die erediens uitkom. Die diaken word nou in besonder betrek by die intrede van die gemeente in hierdie eintlike erediens, naamlik as die erediens uitgekom het.

Die versiering van die ampswerk van die diaken, so het prof S P Engelbrecht dikwels aan sy studente gesê, is die diens wat hulle verrig by die bediening van die heilige nagmaal.

Daar sien hulle toe dat alles ordelik en rustig verloop. Hulle vul die bekers met wyn en die borde met brood. Hulle sorg dat alles netjies en skoon is. Hulle kyk dat daar voldoende sitplekke vir die nagmaalsgangers aan die tafels wat hulle vantevore gedek het, is.

Hulle dra sorg dat brood en beker aan elke nagmaalsganger gegee word. Met die siekes en swakkes hou hulle rekening. Saam met die dienaar van die Woord is hulle die mees aktiewe ampsdraers by en rondom die bediening van die heilige nagmaal.

Na die bediening van die nagmaal versamel hulle die dankoffers wat die lidmate op die tafel neergesit het en sorg dat dit volgens die bedoeling bestee word. In die formulier in ons *Diensboek* lees ons die volgende: "Tweedens moet die diaken met alle getrouheid en ywer die offergawes wat aan die armes en vir die instandhouding van die kerk en erediens gegee word, versamel en bewaar, die lidmate saam met die ander ampsdraers só toerus, dat hulle mildelik uit dankbaarheid sal gee. Derdens dat hulle die bediening by die tafels, soos die naam aandui en soos dit in die vroegste tyd in die kerk gedoen is, nie sal verwaarloos nie."

Dit is die diaken se voorreg om op die wyse aktief besig te wees by die erediens en by die nagmaalsviering. Hy moet sy lewe so inrig dat hy hierdie voorreg kan gebruik.

Die diaken se plek by die kerklike vergaderings soos ringsvergaderings en Algemene Kerkvergaderings

In elke vergadering van die kerk moet na die Bybelse boodskap geluister word. Daarom sien ons ook dáár die driehoek: Woord van God, gemeenskap van die heiliges, opsig en barmhartigheidsdiens.

DIE RINGSVERGADERING

In die *Kerkwet*, bepaling 7.1(b), word dit duidelik gestel dat een diaken uit elke gemeente sitting op die ringsvergadering het. Hy verteenwoordig die derde hoekpunt, naamlik die barmhartigheidsdiens van die kerk van Jesus Christus. Bepaling 176 van die *Kerkwet* handel oor die diakonale ringsrade:

Rings-diakonale raad

- Diakonale werk wat die diakensvergadering nie alleen kan verrig nie, word na die rings-diakonale raad verwys. Hierdie raad bestaan uit vier lede uit elke gemeente, naamlik twee diakens en twee lede van die NHSV wat op die dagbestuur van die diakens dien.
- Die voorsitter en ondervoorsitter van die rings-diakonale raad word vir vier jaar deur die ringsvergadering benoem. As 'n vakature ontstaan, benoem die ringskommissie iemand om dit te vul.

Die rings-diakonale raad doen jaarliks volledig verslag van sy werksaamhede aan die ringsvergadering. In die verslag kry ons dan 'n kritiese oorsig en raadgewende kontrole oor alle barmhartigheidsdiens in die gemeentes van die ring.

DIE ALGEMENE KERKVERGADERING

Wat die Algemene Kerkvergadering betref, ontbreek die derde hoekpunt, naamlik aandag aan die barmhartigheidsdiens, ook nie. Die Algemene Kerkvergadering kies 'n Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wat die barmhartigheidsdiens van die kerk in sy geheel lei. Hy kontroleer en stimuleer deur organe van bystand wat hy benoem.

Die organe van bystand is die volgende:

- die Weeshuisbestuur
- die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging
- die Ondersteuningsraad
- Ons Tuis-bestuur

Hierdie organe van bystand bedien die Algemene Kerkvergadering en ander vergaderings van advies om die barmhartigheidsdiens doelgerig te kan uitvoer, hulp te verleen aan gemeentes in gevalle

waar besondere kundigheid nodig is en die opdragte van die Algemene Kerkvergadering uit te voer (*Kerkwet*, artikel 177).

Weeshuisbestuur

Die Weeshuisbestuur is voorsien van 'n eie akte en statuut, word deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering benoem en is verantwoordelik vir die versorging, opvoeding en onderrig van verweesde en verwaarloosde kinders. Hy skakel en onderhandel ook in dié verband namens die Algemene Kerkvergadering met die owerheid.

Die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging

- Die vrouelidmate van die kerk is op grond van die priesterskap van die gelowiges ook geroepe tot barmhartigheidsdiens, veral wat die versorging van die siekes, bejaardes en verweesdes betref. Die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging is 'n diakonale orgaan van bystand wat aan vrouelidmate die geleentheid bied om georganiseerd diens aan hulpbehoewendes te lewer.
- Die NHSV stel sy eie konstitusie op wat, nadat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering dit goedgekeur en bekragtig het, bindend op alle takke en lede van die NHSV is.
- Die NHSV het die taak om
  'n tak van die NHSV in elke gemeente te stig en al die vrouelidmate by sy werksaamhede te betrek;
  in oorleg en samewerking met die diakens hulp te verleen aan armes, bejaardes, siekes en verweesdes;
  na raadpleging en goedkeuring van die kerkraad, fondse in die gemeente in te samel;
  hom te beywer om barmhartigheidsdiens te bevorder en aan te help;
  oor sake wat sy werkgebied raak, 'n skakel tussen die Algemene Kerkvergadering en die owerheid te vorm; en
  twee lede te benoem om op die dagbestuur van die diakens te dien.

Ondersteuningsraad

Samestelling
Die lede van die Ondersteuningsraad word vir vier jaar deur die

Kommissie van die Algemene Kerkvergadering op die volgende manier benoem:

- vier lede na goeddunde;
- twee lede op aanbeveling van die hoofbestuur van die NHSV; en
- 'n lid uit elke rings-diakonale raad op aanbeveling van die rings-diakonale raad.

Taak

Die Ondersteuningsraad lewer die dienste wat die diakonieë, om praktiese en finansiële redes, nie self kan lewer nie. Dit is die volgende dienste:

- hy help met die versorging van siekes, bejaardes, behoeftige weduwees en diegene wat hulpeloos en verswak is;
- hy verleen hulp aan diegene wat huweliks- en gesinsprobleme of maatskaplike- en ekonomiese probleme ondervind;
- hy skakel en onderhandel namens die Algemene Kerkvergadering met die owerheid oor sake wat die raad se arbeidsveld raak.

Ons Tuis

Ons Tuis-bestuur het 'n eie akte van oprigting en statuut, fungeer daarvolgens, word ooreenkomstig die akte en statuut benoem en is verantwoordelik vir oprigting van tehuise vir bejaardes en die versorging van bejaardes. Hy skakel en onderhandel ook in die verband met die owerheid. Dit word gedoen, waar nodig, in oorleg en in samewerking met ander organe van bystand met 'n ooreenstemmende opdrag.

Opmerking

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering benoem ook werkgroepe wat verslae ontvang oor die verskillende arbeidsgebiede van die kerk. Hulle ontleed die verslae en bestudeer en formuleer aanbevelings vir die Algemene Kerkvergadering. 'n Belangrike werkgroep is die een wat die verslae van die barmhartigheidsdiens behandel.

So werk die diakonaat dwarsdeur die kerk en vervul die opdrag van Jesus Christus uit wie alle Christelike barmhartigheidsdiens stam, en tot wie se eer ons diakens in dankbaarheid hulle diens verrig in al die vergaderings en in die lewe van die kerk.

Kontrole vrae

1. Hoe vind die verkiesing tot die amp plaas?

   .....

2. Wie roep die diaken tot die diens en hoe word dit gedoen?

   .....

3. Behoort die diaken ook sitting op die kerkraad te hê? Motiveer u antwoord.

   .....

4. Sê iets oor die verhouding van die diaken tot:
   (i) die predikant
   (ii) die ouderling.

   .....

5. Wat moet die houding van die diaken teenoor die erediens wees?

   .....

6. Noem die take wat die diakens by die erediens en die nagmaalsviering moet verrig.

   .....

7. Wat is die werk van die diakonale ringsraad?

   .....

Onderwerpe vir bespreking

1. Die roeping en verkiesing tot die amp.
2. Die plek van die diaken by die kerklike vergaderings.

3
Die diaken en die Ondersteuningsraad

Om die regte begrip van die Ondersteuningsraad se taak en opdrag as hulpdiens vir die diaken te kry, is dit nodig om so ver as 1934 terug te gaan.

Tydens die Algemene Kerkvergadering gehou op 15 Maart 1934 en volgende dae, is die volgende beskrywingspunt (44) ingedien wat beskou kan word as die eerste stap tot die ontstaan van die Ondersteuningsraad.

"Die Algemene Kerkvergadering benoem 'n kommissie wat 'n noukeurige ondersoek sal instel en planne aan die hand sal gee, hoe ons kerk die armes beter en doelmatiger kan versorg."

Hierdie beskrywingspunt is aanvaar en dit is opgedra aan die predikante: Vermooten, Brandt, Oosthuizen, Rautenbach en Ras, wat die werk van armsorg noukeurig moes ondersoek om die Algemene Kommissie van advies te voorsien en 'n rapport aan die volgende Algemene Kerkvergadering moes voorlê.

Die kommissie het bekend gestaan as die Kommissie vir Arme Blanke en Diakonale Armeversorging.

Die kommissie het vir die eerste keer saamgekom in die Nasionale Klub, Pretoria op 5 Maart 1936, onder voorsitterskap van ds L E Brandt.

Die kommissie het op die Algemene Kerkvergadering van Mei 1937 soos volg verslag gedoen: "U kommissie insake beskrywingspunt 44 handelende oor 'n doelmatiger versorging van die armes van ons kerk het die eer om soos volg te rapporteer. U kommissie ag die werk van armesorg van so 'n groot omvang dat u kommissie dit onmoontlik ag om nou 'n bepaalde rigting aan te gee, waarvolgens ons kerk kan of moet werk.

U kommissie is derhalwe van mening dat hierdie 'n diepgaande studie vereis en beveel aan dat die Hoog Eerwaarde Kerkvergadering aan die moderamen opdrag gee om 'n staande kommissie van 5 lede te benoem wat (a) die werk van armesorg noukeurig sal ondersoek en bestudeer en (b) die Algemene Kommissie van tyd tot tyd sal bedien

met advies en (c) 'n beredenerende rapport sal voorlê aan die volgende Algemene Kerkvergadering."

Hierdie besluit om 'n staande kommissie te benoem, met die naam Kommissie vir Arme Blankes en Diakonale Armeversorging, kan beskou word as die ontstaan van die huidige Ondersteuningsraad. Die kommissie het verskillende naamsveranderinge ondergaan en behalwe bogenoemde was dit agtereenvolgens ook bekend as Armesorgkommissie (1940), Welsynsraad (1941) en Diakonale Raad (1942).

Met die vergadering van die Diakonale Raad, gehou op 20 April 1944, is besluit om aansoek te doen by die Eerwaarde Kommissie van die Algemene Kerkvergadering om die naam te verander na "Ondersteuningsraad van die Ned Herv Kerk", en verder is ook besluit, "die Dagbestuur word verder volmag gegee om te handel insake registrasie, asook om nodige veranderings aan te bring in verband met die konstitusie."

Dit is volgens die opdrag aan die kommissie duidelik dat daar besorgdheid was oor "versorging van die armes van ons kerk" en gevolglik is die Ondersteuningsraad as orgaan van bystand ingestel om "'n doelmatiger versorging van die armes" te bewerkstellig. Die groot vraagstuk in daardie jare was die armoede as gevolg van die depressie, waaronder die hele volk gebuk gegaan het.

Die armblanke-vraagstuk het destyds vir staat en kerk baie hoofbrekings besorg en was buitengewone stappe om die probleme die hoof te bied, meer as geregverdig. Aangesien kerk en staat nie oor die nodige hulpbronne beskik het nie, is daar gesoek na nuwe hulpbronne. So byvoorbeeld het die Departement van Volkswelsyn sy beslag gekry en is wat die Nederduitsch Hervormde Kerk betref, gesoek na 'n hulpbron wat doelmatiger versorging aan die armes kon bewerkstellig. Hierdie soeke na beter versorging van die armes van die kerk, openbaar die destydse onmag van die ampte van die kerk en by name die diaken, om die probleem die hoof te bied en die versorging waar te neem. Aanvullende hulp was nodig om die bestaande kragte by te staan. 'n Kommissie is benoem om 'n noukeurige ondersoek in te stel en planne aan die hand te doen oor hoe ons kerk die armes beter en doelmatiger kon versorg.

Uit hierdie behoefte is die huidige Ondersteuningsraad gebore. Die Ondersteuningsraad het gedurende daardie krisistyd nie veel kon doen nie, omdat dit in werklikheid eers in 1944 sy beslag gekry het. In 1948 is sy eerste vakkundige beampte aangestel. Teen hierdie tyd was die armblanke-vraagstuk nie meer 'n probleem nie. 'n Nuwe

tydvak het aangebreek en daar het as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog 'n probleemverskuiwing plaasgevind wat net soos in die dertigerjare spesiale aandag geverg het.

As gevolg van die aksentverskuiwing van armoede na persoonlikheidsprobleme en van ekonomiese na emosionele probleme, was kerk en staat verplig om die nuwe gevaar met nuwe metodes van voorkoming en bekamping te bestry. Probleme het meer ingewikkeld geraak en daar moes gebruik gemaak word van beter behandelingsmetodes. Die kerk het weer eens besef dat doeltreffende metodes en werkkragte nodig is om die probleem doelmatiger te bestry en gevolglik is opgeleide maatskaplike werkers in diens van die Ondersteuningsraad aangestel om die diaken in sy amp by te staan.

Maatskaplike werk het ontstaan as 'n liefdesdiens aan mindergelukkige mense in die gemeenskap en vir eeue is die werk van barmhartigheid op 'n vrywillige grondslag verrig, maar sonder 'n vaste patroon of metode. Van vakkundigheid was daar geen sprake nie.

Mettertyd is hierdie liefdesdiens opgeknap en geleidelik is besef dat indien die diens van enige waarde moet wees, daar meer aspekte in berekening gebring moet word as net blote materiële hulpverlening en aanmoediging. Daar is aandag gegee aan die oorsake van probleme en noodtoestande met die wete dat hierdie oorsake eers uit die weg geruim moes word alvorens daar van permanente oplossing gepraat kon word.

Ten spyte van die feit dat maatskaplike werk verandering ondergaan het en vandag wetenskaplik gefundeer is, is daar tog nog sekere aspekte wat spruit uit die tydperk van die vroeë Christene. Die praktiese uitlewing van die naasteliefde is 'n voorbeeld hiervan. Die gebod dat jy jou naaste moet liefhê soos jouself, was reeds in die vroegste tye 'n belangrike dryfveer in maatskaplike versorging en dit is tans ook nog die geval. Daar kan met reg gesê word dat dit die fondamentsteen van maatskaplike werk is waarvan 'n baie belangrike beginsel die erkenning is dat die mens 'n siel het. Hierdie fondamentsteen vorm die basis waarvolgens die kerk sy diens van barmhartigheid verrig.

Die kerk vervul sy roeping tot diens van barmhartigheid deur die diakonaat wat toevertrou is aan die diakens van die gemeentes en gegrond op die barmhartigheidsdiens van die groot Diaken, Jesus Christus. Tog sien die kerk 'n wyer terrein van arbeid, naamlik welsynwerk. Vir hierdie welsynswerk maak die kerk gebruik van "or-

gane van bystand." Die amptelike vergadering van die kerk roep, wanneer die sorg van die diens van die kerk op verskillende terreine van die lewe dit vereis, organe van bystand in die lewe. Hierdie organe sal voorligting verskaf en uitvoering gee aan die taak wat op die besondere arbeidsveld aan hulle toevertrou is.

Die Ondersteuningsraad is so 'n orgaan van bystand en sy belangrikste taak volgens sy grondwet, is om vakkundige voorligting te gee aan diakonieë met betrekking tot die barmhartigheidsdiens in die gemeentes van die kerk en verlening van bystand by moeilikhede in die gesinslewe. Sy taak is in breë trekke dieselfde as dié van die diaken ingevolge die formulier vir die bevestiging.

Die kern van die diens van barmhartigheid is vandag nog hulpverlening aan mense wat in die een of ander noodtoestand verkeer. Behalwe materiële bystand moet ook rekening gehou word met die menslike gedrag en sy verhoudinge met ander.

Soos reeds gestel, het daar oor die afgelope jare 'n aksentverskuiwing van probleme plaasgevind – van armoede na persoonlikheidsprobleme en van ekonomiese na emosionele probleme. Die essensiële taak is hulpverlening aan mense, nie net ten opsigte van materiële aspekte nie, maar veral ten opsigte van probleme wat tot wanaanpassing en verval lei.

Die kerk sien ook in hierdie verband sy taak en besef tereg dat hy toegerus moet wees met die nodige opgeleide personeel om in samewerking met die bestaande instellings, hierdie diens te verrig. Dit is geensins die bedoeling om die Ondersteuningsraad se dienste te gebruik om enige ander diens te vervang of in te kort nie. Dit sou 'n kwade dag wees indien dit sou gebeur, veral wat die diakens betref. Die diaken is en bly die persoon, ingevolge die formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens, wat sy kerklike opdrag moet uitvoer. Die beste resultaat kan alleen verkry word indien daar heelhartige samewerking is. Dit staan die diaken enige tyd vry om van die diens van die opgeleide personeel van die Ondersteuningsraad gebruik te maak.

Die Ondersteuningsraad is aan die ander kant altyd bereid om die diaken te adviseer en by te staan, en waar nodig, te raadpleeg.

Blote materiële hulpverlening kan, indien onoordeelkundig aangewend, meer afbreek as tot nut wees. Daarom is dit noodsaaklik en in belang van die persoon of gesin wat betrokke is, dat indien daar enige twyfel bestaan oor die aard van die probleem, die maatskaplike werkster se hulp ingeroep word. Die diens van die werkster is dus

nie vervangend nie, maar aanvullend en in belang van die lidmaat wat betrokke is.

Die maatskaplike werkster is in werklikheid die persoon wat die diaken bystaan deur 'n ontleding te gee van die probleem asook stappe aan die hand doen om rehabilitasie te bewerkstellig. Soos so baie keer gebeur, veroorsaak wanaanpassing 'n noodtoestand in die gesinslewe en is materiële hulp op een of ander tyd noodsaaklik. Dit is hier waar die diaken se bystand van groot waarde kan wees. Deur tydig hulp te verleen, kan dit die basis vorm waarop toekomstige hulp beplan kan word. Die taak van die diaken is nie alleen om te voorsien in die materiële behoefte nie, maar ook om deur sy simpatieke optrede die basis te lê waarop gebou moet word. Die diaken moet dus nie alleen in die tydelike voorsien nie, maar moet ook geestelike hulp verleen en die persoon geestelik voorberei vir rehabilitasie-pogings deur die maatskaplike werkster in samewerking met die kerkraad.

Volgens die doelstellings van die Ondersteuningsraad is die raad nie ingestel om afsonderlik en apart van die kerklike liggame, veral die diakonieë, te werk nie. Die Ondersteuningsraad is daargestel om die diens van barmhartigheid in die kerk aan te vul. Die diaken kom heel dikwels met probleemgevalle in aanraking en beskik nie oor die nodige vakkundige kennis of het nie die tyd om die saak deeglik te ondersoek nie. Dit is hier waar die opgeleide werksters intree, 'n deeglike ondersoek instel en in samewerking met die betrokke kerkraad, die uiteindelike rehabilitasie van die geval ten doel stel, met inskakeling in gemeentelike aktiwiteite as deel van die proses van rehabilitasie. Die Ondersteuningsraad gaan van die veronderstelling uit dat volkome en blywende rehabilitasie alleen kan geskied indien die persoon of gesin kerklik ingeskakel word.

Dit is nie soseer die taak van die Ondersteuningsraad om materiële hulp te verleen nie, behalwe in gevalle waar die diakonie nie bystand kan verleen nie. Dit is en bly die taak en voorreg van die diakonie om in hierdie behoefte te voorsien. Die gemeente vervul sy roeping tot diens van barmhartigheid deur die diakonaat. Dit omvat onder andere hulpverlening aan die wat in ekonomiese moeilikheid verkeer.

Omdat finansiële probleme in die meeste gevalle die gevolg is van 'n dieperliggende oorsaak, is blote materiële hulp nie altyd 'n oplossing nie, maar 'n middel tot 'n doel. Die doel is die rehabilitasie van die persoon of gesin wat betrokke is. Dit is gevolglik die taak van die

Ondersteuningsraad om die oorsaak wat tot die noodtoestand gelei het, te ondersoek en dan in samewerking met die kerkraad die nodige rehabilitasiedienste te verrig. Die volgende voorbeeld sal hierdie stelling ophelder:

'n Sekere mev B het die diakonie in die betrokke gemeente versoek om haar met R15 te help om haar huishuur te betaal. Sy het verduidelik dat haar man sy salaris op drank bestee het en dat die gesin op die straat sal beland indien die huishuur, wat reeds agterstallig is, nie betaal word nie. Die diakonie kon vasstel dat die huishuur agterstallig is, dat die oorsaak drankmisbruik van die man is en het gevolglik die bedrag betaal. Hierdie hulp het egter nie die probleem opgelos nie, maar was tog dringend noodsaaklik. Die probleem is nie geleë in die feit dat die huishuur nie betaal is nie en ook nie in die feit dat die man drink nie. Dit is net die oorsake wat tot die noodtoestand gelei het. Die eintlike oplossing van die probleem is geleë in die oorsaak van die drankprobleem. Die oorsake is nie altyd voor-die-land-liggend nie en die bepaling daarvan vereis vaardigheid en vakkundige kennis. Dit is hier waar die maatskaplike werkster 'n waardevolle bydrae kan lewer. Daar kan verskillende oorsake wees, byvoorbeeld huweliksonenigheid, een of ander frustrasie, ensovoorts. Die oplossing lê ook nie net in die bepaling van die oorsake nie, maar in die verwydering daarvan en indien nodig, in kliniese behandeling van die vader. Om so 'n persoon met sukses te behandel, vereis vaardigheid en wetenskaplike kennis van die maatskaplike werkster, asook kennis van die hulpbronne wat gebruik kan word in die proses van rehabilitasie.

Die materiële hulp wat die diakonie verleen het, is 'n noodsaaklike stap in die proses van rehabilitasie, maar die vasstelling en verwydering van die probleem wat aanleiding tot die noodtoestand gegee het, is nog belangriker en hierdie diens kon gesamentlik verrig word.

Die maatskaplike werkster het nie die taak van die diaken verrig nie, maar hom met haar vakkundige kennis gehelp om sy taak op 'n voortreflike wyse uit te voer.

Dit is belangrik dat daar samewerking met die ampte van die kerk moet wees. Die kerk as sulks is die hoogste gesag en die orgaan van bystand is ondergeskik daaraan. Prakties kom dit daarop neer dat in alle gevalle van drastiese stappe wat geneem moet word (byvoorbeeld om 'n kind uit 'n gesin na 'n inrigting of pleegversorging te verwyder), die ampte geraadpleeg moet word en onderling ooreengekom moet word dat die beoogde stap wel die beste uitweg is.

Onderlinge skakeling met mekaar is die basis van samewerking waarop die sukses wat behaal gaan word, gefundeer is. Alle nuwe gevalle wat die Ondersteuningsraad ontvang uit watter bron ook al, word dadelik onder die predikant se aandag gebring, en sesmaandeliks word 'n lys van alle lidmate wat aandag geniet aan die predikant voorgelê. Dit is nodig dat die diaken of kerkraad gevalle van persoonlike aard, of gesinsprobleme wat hulle nie self kan hanteer nie en waarmee hulle in wyke en gemeentes te doen kry, na die Ondersteuningsraad verwys. Sodoende kan vakkundige hulp aan die lidmaat aangebied word, en in samewerking met die ampte kan die nodige rehabilitasiediens gelewer word totdat die persoon of gesin weer by gemeentlike aktiwiteite ingeskakel is. Op hierdie stadium sal die maatskaplike werker hom onttrek en die geval met onderskraging aan die ampte oorlaat.

Kontrole vrae

1. Hoe het die Ondersteuningsraad tot stand gekom?

   .....

2. Waarom het die Ondersteuningsraad tot stand gekom?

   .....

3. Hoe werk die diaken met die Ondersteuningsraad saam?

   .....

4. Hoekom is materiële hulpverlening aan mense in nood nie genoeg nie?

   .....

5. Wat maak dit noodsaaklik dat die diaken soms gespesialiseerde hulp nodig het in die uitvoering van sy amp?

   .....

Onderwerp vir bespreking

Die verhouding tussen die diakonie en die maatskaplike werkster.

4
Die diaken en sy huisgesin

Inleiding

In hierdie hoofstuk wil ons aandag gee aan die diaken en sy huisgesin. Die onderafdelings wat onder hierdie opskrif bespreek word, is: Die eise wat aan die diaken se persoonlike lewe gestel word en sy voorbeeld deur leer en lewe.

Die vrae wat hier beantwoord moet word, is die volgende:

- Wat is daardie kwaliteite op grond waarvan 'n persoon as diaken verkies kan word?
- Wat is die vereistes vir 'n sinvolle bediening van die amp?

Die eise wat aan die persoonlike lewe van die diaken gestel word

Die meeste van die ou kerkwette sê niks oor die eise waaraan kandidate vir die amp moet voldoen nie. Ook in die *Kerkwet* van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika word daar nie aan hierdie saak aandag gegee nie.

Gewoonlik word baie van die voorwaardes as vanselfsprekend aanvaar. So byvoorbeeld dat die aspirant diaken belydende lidmaat moet wees en nie mag afwyk van die leer van die kerk nie. Daar word gewoonlik ook aanvaar dat die aanwysings van 1 Timoteus 3:8-13 moet geld as vereiste waaraan die diaken moet voldoen.

Calvyn het onder andere ook 1 Timoteus 3:1-13 aanvaar as riglyne vir die gemeente by die verkiesing en beoordeling van alle ampsdraers.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis praat duidelik en verstaanbaar oor hierdie saak. In artikel XXX wat handel oor die ampte, word verklaar dat persone gekies moet word wat getrou is en voldoen aan die reël wat die apostel Paulus daaroor gee in die brief aan Timoteus.

Dit lyk daarom geoorloof om in verband met die eise wat daar aan die persoonlike lewe van die diaken gestel word, uit te gaan van die ter sake gegewens in die pastorale briewe, 1 en 2 Timoteus en Titus.

Oor die vereistes wat in 1 Timoteus 3 gestel word, het Groenewald tereg opgemerk dat dit onjuis is om uit hierdie voorskrifte af te lei dat die ampsdraer aan hoër sedelike norme moet voldoen as die gewone lidmaat van die gemeente. Hierdie beskouing word wel aangetref in sekere kringe, veral van Roomse kant. Dit is verder opvallend dat die eise wat die apostel stel niks anders is as dié waaraan 'n fatsoenlike mens, en by name die Christenmens, moet voldoen nie. Ons moet dus hierdie eise ten opsigte van die diaken nie sien as 'n aanduiding dat hy 'n beter mens moet wees as sy ander medegelowiges nie. Met hierdie strenge eise word eintlik net klem gelê op die noodsaaklikheid dat die lewe en gedrag van die ampsdraer in die gemeente werklik onberispelik moet wees. Omdat hy die een is wat leiding in die gemeente moet gee, word daar skerp op sy eie lewe gelet. Indien hy êrens te kort skiet of duidelik aanwysbare ondeugde openbaar, is dit skadelik vir sy ampswerk en vir die gemeente.

Maar in hierdie rigting lê ook 'n ander gevaar. As hierdie aanwysings en riglyne beskou word as hoër sedelike norme waaraan die ampsdraer moet voldoen, moet dit onvermydelik uitloop op 'n dubbele moraal. Vir die lidmate een maatstaf en vir die ampsdraers 'n ander een.

In die kerk mag dit nooit gebeur nie. Die wet van God word immers nooit anders toegepas op die ampsdraers as op die gewone gelowige lidmate nie. Die ampsdraers moet daarom gewoon gesien word as gelowiges wat ook nog die taak het om die ampte te bedien.

Die lewe van die ampsdraers word dus nie met 'n ander of hoër maatstaf beoordeel as dié van die ander gelowiges nie. Sy lewe word wel in dubbele opsig beoordeel, naamlik AS GELOWIGE LEWE EN AS GELOWIGE AMPSVERVULLING.

In die lig van bogenoemde kan ons nou die vereistes waaraan die persoonlike lewe van die diaken moet voldoen, van nader beskou.

Die diaken as gelowige

Die diaken moet in die eerste plek gelowige wees. Soos van enige gelowige, word van die diaken verwag dat hy die persoon, woord en daad van Jesus Christus in die verlede, hede en toekoms moet aanvaar as dié daad van God tot redding en verheerliking van sondaars. As gelowige moet hy ook gehoorsaam wees aan hierdie evangelie van die genadige handelinge van God in Christus.

Onberispelikheid

Die diaken moet verder 'n man van goeie sedelike gedrag wees. Hy moet absoluut onberispelik wees. Sy lewenswandel en gedrag moet sodanig wees dat niemand binne of buite die gemeente 'n vinger na hom kan wys nie. Hy moet vriendelik en ingetoë wees.

Dit is met ander woorde so dat ons hoë sedelike eise aan die diaken stel. Baie min van ons kan aan al die vereistes voldoen, want elkeen het sy gebreke. Dit is daarom goed om hier te onthou: die verlange van die gelowige om hierdie amp te bedien mag nooit gegrond wees op eie deug of eie krag nie, maar op die hulp en genade van die Heer wat 'n mens tot hierdie dienswerk roep. Hy is op stuk van sake die Een wat al die gawes en bekwaamhede aan ons skenk (2 Kor 3:5). Daarom is elke vorm van roem en eiewaan hier uitgesluit, soos Paulus ook aandui in 2 Korintiërs 12:7-10. Swakhede, gebreke en tekortkominge wat nog teen ons wil in ons oorgebly het, sal ons nie verhinder om hierdie amp te beklee nie. Duidelike en ooglopende ondeugde wat aanstoot gee en die eerbaarheid van die amp aantas, hoort aan die ander kant ook nie by hierdie voortreflike amp nie.

Die diaken en sy gesinslewe

In 1 Timoteus 3:12 sê die apostel dat die diaken 'n man van een vrou moet wees. Dit is nie heeltemal duidelik wat hiermee bedoel word nie. Dit kan nie beteken dat die diaken na die dood van sy vrou nie weer mag trou nie, want Paulus het nie beswaar teen 'n tweede huwelik nie (1 Kor 7:39). Dit mag miskien wees dat Paulus hier die bekende misstande van bigamie van daardie tyd veroordeel. 'n Man wat twee vrouens tegelyk het, sou dan in elk geval bewys lewer van bandeloosheid en ontrou en as sodanig onaanvaarbaar vir die amp wees. Hoe dit ook al mag wees – die huwelik van 'n ampsdraer was blykbaar 'n vanselfsprekende saak en die diaken sou getrou moes bly aan die vrou met wie hy getroud was – of dit nou sy eerste vrou was of die vrou in 'n tweede huwelik.

Ten opsigte van die diaken stel Paulus ook die eis dat hy sy eie huis goed moet kan regeer (1 Tim 3:12). Dit wil nou nie sê dat die diaken met 'n sterk hand of met vuisgeweld sy gesag moet afdwing en as outokraat moet regeer nie. Hy moet veel eerder met die waardigheid van liefdevolle en verstandige optrede die goeie orde handhaaf.

Sy kinders moet gelowige kinders wees en nie van bandeloosheid beskuldig word nie. As die aspirant diaken sy eie huishouding in hierdie goeie orde kan hou, is dit 'n bewys dat hy ook op die breër terrein van die gemeente as 'n goeie voorganger sal kan optree.

Voorbereiding en vorming

Die meeste van die kwaliteite wat tot sover opgenoem is, is nie aangebore eienskappe nie. Dit is van die allergrootste belang dat 'n kandidaat vir die diakensamp goed voorbereid moet wees met die oog op die amp wat hy in die kerk moet beklee. Ouers, kategete en predikante kan dit maar gerus in gedagte hou dat hulle 'n plig teenoor die kerk van die toekoms het om ook deur hulle onderrig mense te vorm wat hierdie amp met waardigheid kan beklee.

Om dit te kan doen, is dit noodsaaklik dat die kandidaat reeds van sy jeug af met die heilige Skrif vertroud moet wees. Van so 'n voorbereiding van jongs af vir die amp, is Timoteus die klassieke voorbeeld (2 Tim 3:15). Dit is 'n geweldige voordeel as die kandidaat reeds van vroeg af met hierdie dinge vertroud is en nie met die voorbereiding wag totdat hy tot die amp verkies word nie. 'n Beginner wat die grondslag van 'n deeglike opvoeding in die heilige Skrif nie het nie, is *altyd* 'n gevaar vir die kerk. Van Timoteus lees ons dat hy 'n uitmuntende vorming en voorbereiding in sy familiekring geniet het. Sy grootmoeder Loïs en sy moeder Euníce was gelowige mense en hulle het hom van kindsbeen af in vroomheid grootgemaak (2 Tim 1:5).

Die voorbeeld van die diaken deur leer en lewe

In die vorige gedeelte het dit hoofsaaklik gegaan oor die aanloop tot die bekleding van die amp. Hier neem ons aan dat die diaken reeds kragtens sy roeping deur God en op grond van bepaalde persoonlike kwaliteite wat die gemeente in hom raakgesien het, behoorlik verkies en in sy amp bevestig is.

Nou moet ons besin oor die werklikheid van sy ampsverantwoordelikhede. Ons moet kyk na die ampsdraer soos hy in die amp aan die werk moet wees en daarby die werk self ook in oënskou neem. Ons sal moet uitmaak wat die norme vir 'n goeie ampsbediening is en ons sal moet let op die gees en gesindheid waarin die diaken sy dienswerk moet verrig. Hier sal dit ook duidelik word hoe die diaken

die deugde, op grond waarvan hy deur die gemeente gekies is, praktties uitlewe. Kortom sal dit hier gaan om die gelowige ampsvervulling.

Die dienende karakter van die amp

Die ampsdraer is 'n dienskneg. Ook die diaken is 'n dienskneg. Calvyn het op hierdie aspek besondere klem gelê en juis die dienskarakter as die belangrikste grondtrek van die amp beskou. Maar die diens van mense in die kerk is altyd gegrond in Jesus Christus wat nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien (Mark 10:45). Die diens van Christus is sy kruisdood, waardeur sondaars bevry en verlos is vir die diens van hulle ware Heer. Hierdie diens van mense wat deur Christus verlos is, is daarom ook altyd belydenis van die heerskappy van die ware Heer. Bybels gesien, is daar nooit sprake van dít wat die dienaars in eie krag kan doen nie. Belangrik is alleen dit wat hulle Heer deur hulle hande doen (1 Kor 9:1). Die dienswerk van die dienaars is dus ook 'n nederige diens.

Aan die hand van Matteus 28:18-20 kan die saak só verduidelik word: Alles geskied in werklikheid sonder die inspanning en stryd van ons mense. Die arbeid wat ons moet verrig is om al ons "eie" te laat vaar, ons oë oop te maak en te rig op Jesus Christus wat oorwin het en sal oorwin. In Matteus 28:18 verklaar Jesus dat alle mag in die hemel en op aarde aan Hom gegee is. Juis daarom beveel Hy sy dissipels om die wêreld onder sy heerskappy te bring (vers 19). Logies gesien, maak die eerste die tweede onnodig. Vanuit Christus is die eerste stelling in vers 18 juis die noodwendige voorveronderstelling dat die opdrag (vers 19) sin kry. Hierdie opdrag word gedra deur die versekering van vers 20 "En kyk Ek is met julle al die dae . . ."

Die dienskneg het dus 'n nederige gestalte, maar daar is ook groot eer en waardigheid aan sy amp verbonde. Hy is ook medewerker van God (1 Kor 3:9) en tree op as gesant om Christus ontwil (2 Kor 5:18-20).

Die amp volgens die kerkwet

Die diakens het veral die opdrag om:

- hulp te verleen met die versorging van siekes, bejaardes, weduwees en wewenaars en diegene wat hulpeloos en swak is;

- toe te sien dat wees- en verwaarloosde kinders versorg en gelowig opgevoed word, en te help met die voorsiening van die nodige middele daarvoor;
- bystand te verleen aan diegene wat probleme in hulle gesinslewe ondervind of in maatskaplike en ekonomiese moeilikheid verkeer;
- hulle te beywer vir die bevordering en uitbreiding van die barmhartigheidsdiens.

Die diakens sal die armes, ellendiges en diegene wat in nood verkeer, veral vertroos en bemoedig met die Woord van God, en nie net uiterlike hulp aan hulle verleen nie.

Die diakens het ook die volgende take:

- hulle deel die liefdesgawes van die gemeente aan die armes, verweesdes en behoewendes uit en beheer en beskik oor diakonale gelde en goedere;
- hulle samel die offergawes van die lidmate van die gemeente in;
- hulle lewer tafeldiens by die nagmaal;
- hulle moet gereeld by eredienste en sakramentsbediening teenwoordig wees;
- dit is hulle verantwoordelikheid om die orde in die eredienste te handhaaf.

Om die bogenoemde opdrag uit te voer, volg die diakens die volgende werkswyse:
Hulle doen hulle werk onder opsig en toesig van die kerkraad –
Hulle vergader minstens drie keer per jaar en hou noukeurig notule van die vergaderings.

Die voorsitter, sekretaris-kassier en drie lede (wat vir 'n tydperk van twee jaar verkies word) vorm 'n dagbestuur. Die dagbestuur kan spoedeisende gevalle afhandel en moet dan aan die volgende diakensvergadering verslag doen.

Twee lede van die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging het ter wille van die koördinering van die gemeentelike barmhartigheidsdiens sitting op die dagbestuur.

Gesindheid ten opsigte van die ampswerk

'n Diaken moet ook die regte gesindheid teenoor sy werk in die kerk hê. Dit kan die volgende beteken:

Volledige oorgawe aan die dienswerk

Vir die diaken beteken dit dat hy nooit vry is om te leer en te lewe soos hy wil nie. Hy tree op in gehoorsaamheid aan die Here wat hom geroep het. Persoonlike voorkeure en eie begeertes moet 'n ondergeskikte rol speel. Soos Timoteus moet hy die belange van die gemeente opreg behartig en nie sy eie eer dien nie (Fil 2:21).

Regskape lewenswandel

Die morele onkreukbaarheid en onberispelike lewenswandel wat vir die kandidate geld, geld ook vir die diensdoende ampsdraer. Paulus eis dit van Timoteus, want hy moet vir die gelowiges tot voorbeeld wees. Teenoor die gemeente moet hy met geduld en sagmoedigheid optree. 'n Misplaaste strengheid bereik niks nie. Dit is net Fariseërs en valse diensknegte wat vir ander sware laste oplê en self nie 'n vinger verroer nie.

Die gelowige ampsvervulling vereis ook 'n gesindheid van regverdigheid en gematigheid. As die ampsdraer ongeduldig, driftig en bitter word, verongeluk hy sy ampswerk. Aan die ander kant moet hy hom ook nie wend tot vlyery om die guns van mense te wen nie.

Volhardende ywer

Die ampsdraer mag homself nie spaar in die uitoefening van sy ampswerk nie. Hierdie ywer waarmee die diensknegte hulle ampswerk verrig, is baie belangrik vir die groei en vooruitgang van die kerk. Die gebrek aan vuur by die ampsdraers is miskien een van die redes vir die sukkelbestaan wat die kerk voer.

Daarom vermaan Paulus ook vir Timoteus, "verwaarloos nie die genadegawe wat in jou is nie. Wees vlytig in hierdie dinge. Leef daarin sodat jou vooruitgang vir almal duidelik sal wees. Let op jouself en op die leer, volhard daarin want deur dit te doen sal jy jouself red sowel as dié wat jou hoor" (1 Tim 4:14-16). 'n Luie, ongeïnteresseerde en slap gesindheid is hier onverskoonbaar.

Suiwere insig in die taak wat vervul moet word

'n Duidelike begrip van sy ampswerk is vir die diaken 'n vanselfsprekende noodsaaklikheid, sodat hy sonder aarseling of vrees vir vergissing doelgerig kan optree.

Kontrole vrae

1. Watter eise word aan die persoonlike lewe van die diaken gestel?
   Dink aan sake soos: die diaken as gelowige;
   sy gesinslewe;
   sy voorbeeld.

   .....

2. Hoe moet mens die dienende karakter van die amp verstaan?

   .....

3. Die kerkwet ken sekere take aan die diaken toe; noem hulle.

   .....

4. Wat word onder die volgende verstaan:
   regskape lewenswandel;
   volhardende ywer;
   volledige oorgawe;
   suiwere insig in die taak

   .....

Onderwerpe vir bespreking

1. Die Bybelse eise ten opsigte van die lewe van die ampsdraers.
2. Die amp van diaken in die Nederduitsch Hervormde Kerk.

5
Die toerusting vir die amp

Kerkraadskategese

Een van die beloftes wat 'n diaken tydens sy bevestiging aflê, bevat hierdie woorde: "Beloof u om u amp, soos dit aan u voorgehou is, volgens hierdie leer getrou te vervul?" Natuurlik antwoord elke diaken wat bevestig word, hierop bevestigend. Hierdie belofte impliseer dat elke diaken ten volle begryp wat sy taak en roeping is. Nou kan daar egter met groot stelligheid beweer word dat dit inderdaad nie die geval is nie. Hierdie is 'n saak van baie ernstige aard omdat die diaken gevra word om, met God en sy gemeente as getuie, hierdie as 'n heilige belofte af te lê.

Hierdie saak is soos 'n tweesnydende swaard. Aan die een kant laat ons in die kerk toe dat mense in hierdie amp bevestig word – tevrede dat hulle bereid is om die ampswerk te aanvaar en 'n vakature te vul – terwyl hulle hoegenaamd nie bewus is van die wese en roepingstaak van die amp van diaken nie. Aan die ander kant lê broeders en susters hierdie ampsbelofte af sonder om die implikasies daarvan te begryp of op hoogte te wees van die groot verantwoordelikheid wat aan hierdie amp verbonde is. Hierdie feite hou dikwels in dat die amp van diaken verlaag word tot 'n blote kollektant, wat – soos dit uit vorige hoofstukke geblyk het – sekerlik nie die geval behoort te wees nie.

Hieruit alleen blyk die absolute noodsaaklikheid en onontbeerlikheid van kerkraadskategese. Dis eenvoudig nie goed genoeg om 'n ampsdraer sy of haar wyk in te stuur, terwyl hulle totale toerusting vir die amp daaruit bestaan dat hulle tydens die bevestiging in die kerk die formulier aangehoor het, en verder bloot terloops 'n paar praktiese wenke ontvang het nie. Ons soek dikwels op talle maniere oplossings vir die baie probleme waarmee die kerk worstel, soos buitekerklikheid, louheid, onwilligheid om te offer, kortom: die amp van gelowige tot volle reg te laat kom. Is een van die redes hiervoor nie juis dat ons die ampte wat die Here aan sy kerk gegee het, nie naastenby ten volle benut nie? Daarom is goed toegeruste amps-

draers noodsaaklik. Baie keer spog ons met 'n kerkraad wat swartgepak en witgestrik die kerkraadsbanke volsit, terwyl ons tog moet erken dat ons hierdie mense hoegenaamd nie tot hulle volle potensiaal ontwikkel en gebruik nie.

Kerkraadskategese moet 'n verskeidenheid van vorme aanneem:

Eerstens: Dit is voor-die-hand-liggend dat kerkraadskategese by hulle wat tot die amp verkies is sal moet begin en voordat die bevestiging plaasvind. Dit kan sekerlik net 'n positiewe doel dien indien die predikant 'n persoonlike besoek gaan aflê by elkeen wat tot die amp verkies is. Benewens die feit dat dit sekerlik sinvol sal wees om oor die wese van die amp en roeping tot die amp te gesels, is dit in baie gevalle tog noodsaaklik om 'n persoonlike gesprek te voer omdat daar by baie mense wanindrukke, verkeerde vooroordele en 'n verkeerde indruk van onbekwaamheid vir die ampswerk bestaan.

Tweedens: Benewens die persoonlike gesprek, is dit ook noodsaaklik dat al die verkose kerkraadslede voor die bevestiging, opgeroep word vir kerkraadskategese. By die geleentheid sal daar duidelik gepraat moet word oor die ampsbelofte, ampsetiek en die verantwoordelikhede van die ampsdraers volgens die Woord van God, die kerkwet en bepalinge, sinodale- en ringsbesluite en besluite van die plaaslike kerkraad. Benewens die prinsipiële aspekte betreffende die amp, is dit noodsaaklik dat gewone praktiese sake ook duidelik aandag sal kry. Hierdie is ook die geleentheid waartydens die inhoud van die bevestigingsformulier duidelik uiteengesit moet word.

In baie gemeentes vind hierdie kerkraadskategese plaas net voor die erediens waartydens hulle bevestig moet word. In die lig van die noodsaaklikheid daarvan dat die kerk goed-toegeruste ampsdraers moet hê en as gevolg van die wye veld wat tydens hierdie gesprek gedek moet word, is dit tog beter om 'n hele aand – of selfs langer – hieraan te wy. Dit is 'n belegging van tyd wat vir die kerk slegs goeie dividende kan lewer. Ons durf eenvoudig nie meer toelaat dat 'n nuwe diaken, slegs gewapen met bereidwilligheid, 'n offergaweboek en 'n naamlys van sy wyk, uitgestuur word om sy ampswerk te gaan doen nie.

Derdens: Voortgesette kerkraadskategese

Die toerusting vir die amp is nooit 'n afgehandelde saak nie. Kerkraadskategese kan daarom nie as 'n eenmalige afgehandelde geleentheid beskou word nie. Hoewel voortgesette kerkraadskate-

gese eintlik voor-die-hand-liggend is, is dit 'n saak wat veels te min aandag kry. Benewens die feit dat die ware betekenis van die amp in sy verskillende fasette voortdurend beklemtoon behoort te word, skep veranderende tyd- en maatskaplike situasies, asook nuwe en veranderde besluite in die kerk, voortdurend die noodsaaklikheid van nuwe beplanning en besluite. Hierdie voortgesette kerkraadskategese kan op verskillende wyses aangepak word. Wat egter noodsaaklik is, is dat dit deeglik beplan en uitgevoer moet word. Sommige kerkraadsvergaderings kan gewis gewy word aan die bespreking van 'n onderwerp waardeur die ampsdraers vir hulle taak toegerus kan word. Dit is ook nie nodig dat die plaaslike predikant of 'n spreker van buite as inleier optree nie. Van die kerkraadslede self kan met groot vrug hiervoor ingespan word. Daar is dikwels veel meer sluimerende talent as wat ons dink! 'n Nuwe eietydse metode van toerusting en beplanning, is die sg "dinkskrum." Met uitstekende resultate word dit reeds op talle terreine gebruik. In hoofsaak sou dit daarop neerkom dat die kerkraadslede in kleiner groepe bymekaarkom om intensiewe selfondersoek, werksontleding en beplanning te doen.

Die tydsgewrig waarin ons leef, noop ons eenvoudig tot meer doelgerigte toerusting vir ons taak, meer doelgerigte beplanning en beter benutting van die tyd tot ons beskikking. Kerkraadskategese is noodsaaklik – veral in die tyd waarin ons leef. Ons moet dit sien as uitvoering van ons ampsbelofte waardeur ons beter toegerus word vir ons ampswerk in diens van die Heer van die kerk.

Bybelstudie

Dat 'n ampsdraer hom/haar besig moet hou met die lees en bestudeer van die Woord van God, vereis inderdaad geen betoog. Soos dit die geval is met alle gelowiges – maar ook om 'n besondere rede vir 'n ampsdraer – moet daar voortdurend gehoorsaam geluister word na die Woord van God. Ten einde sy ampstaak sinvol en doelgerig uit te voer, geld inderdaad van die diaken dieselfde as wat in die formulier ten opsigte van die ouderlinge gesê word, naamlik dat hulle "die Woord van God ywerig ondersoek en hulle gedurig oefen in die bepeinsing van die verborgenhede van die geloof."

Wanneer 'n mens begryp dat hy/sy deur die Here tot die amp geroep word, kan dit nie anders as dat hy/sy bewus is van eie tekortkominge, gebreke en sonde nie. Wie hierdie roeping met erns be-

jeën, sal daarom ook begryp dat dit nie in eie krag aangepak kan word nie. Tot ons troos weet ons egter dat die Here wat ons roep, ook ons beperkinge ken. Daarom kan iemand beswaarlik ampsdraer in die kerk van die Here wees as hy/sy nie gelei word deur die Woord van God en geïnspireer deur die Heilige Gees, hierdie taak in die geloof aanpak nie.

Doelgerigte en beplande Bybelstudie kry by ons nog veels te min aandag. Daar is reeds baie materiaal beskikbaar – en steeds meer word beskikbaar gestel – om ons in die bestudering van die Skrif te help. Ons omgaan met die Woord van God durf nie te begin en te eindig deur bloot elke aand willekeurig die Skrif te open en 'n stukkie te lees nie.

Hier wil ek graag ook pleit vir 'n saak wat meesal nog vreemd is in ons kerk, naamlik dat ons gerus maar ons Bybels moet saamneem na die erediens. Dit kan net goeie voordele inhou vir ons begrip van die prediking en ons kennis van die Woord van God as die Skriflesing in die Bybel gevolg word.

Behalwe dat Bybelstudie 'n uiters belangrike en onontbeerlike element van elke gelowige se lewe is, is daar ook besondere redes waarom die diaken hom/haar in die Woord moet verdiep. Dit is, byvoorbeeld, van groot belang dat die diaken vanuit die Woord van God hom/haar sal kan verantwoord oor wat die sin en betekenis van offergawes is. Dikwels vind mens die verkeerde uitgangspunt dat die diaken bloot die een is wat die offergawes gaan haal by die huise en dat die predikant en die ouderling die mense is wat oor hierdie saak die praatwerk moet doen. Hoeveel meer sinvol – en groter in bedrag – sal die offergawes wees, as die diaken die vrymoedigheid en oortuiging het, om op grond van wat die Bybel leer, oor die ware betekenis van offergawes te praat?

'n Ander besondere rede waarom die diaken met die toerusting vanuit die Bybel sy/haar ampswerk moet doen, is die feit dat daar in die formulier die volgende staan: "Daarom is dit goed dat hulle nie net met uiterlike gawes nie, maar ook met gepaste trooswoorde uit die Woord van God, aan die armes en ellendiges hulp verleen." Die diens van barmhartigheid deur die diaken durf nie te begin en te eindig deur – waar dit nodig is – 'n pak kruideniersware by iemand se huis af te laai nie. Barmhartigheidsdiens van ons tyd is dikwels juis anders as materiële nood. Daar is talle geleenthede waarby die diaken 'n uiters belangrike barmhartigheidstaak kan vervul deur, vanuit die Woord van God, trooswoorde te spreek in tye van dood en

siekte en ellende en beproewings. Om daartoe in staat te wees, is die bestudering van die Bybel 'n uiters belangrike element in die toerusting vir die amp van diaken.

Benewens persoonlike Bybelstudie en huisgodsdiens, sou dit sekerlik goed wees as dit op georganiseerde wyse deur die kerkraad behartig word onder leiding van die predikant. Onmiddellik sal die ou beswaar geopper word, dat ons in die besige wêreld waarin ons leef, nie die tyd daarvoor kan maak nie. Dit is egter nie 'n onoorkomelike probleem nie. Voor of ná die erediens op Sondag – veral die aanddiens – lyk na 'n baie geskikte tyd en bitter selde is daar dan ander verpligtinge wat ons aandag vereis. 'n Ander geskikte tyd is tydens die gewone maandelikse kerkraadsvergaderings. In ons vergaderings word baie tyd aan beuselagtighede gewy. Dit sou 'n veel beter benutting van die vergadering wees as ons gereeld 'n deel van die tyd vir Bybelstudie benut. In die tyd waarin ons leef is goedtoegeruste ampsdraers 'n dringende noodsaaklikheid en sal ons bereid moet wees om opofferings daarvoor te maak.

Kennis van die kerkwet

Dit sou gewis nie verkeerd wees om te beweer dat daar by die meeste van ons kerkraadslede, feitlik totale onkunde bestaan oor die inhoud van die kerkwet nie. Tog is daar verskeie redes waarom dit goed en nuttig en selfs nooodsaaklik vir die toerusting van 'n ampsdraer is, om kennis van die kerkwet te hê.

Uit die Woord van God is dit duidelik dat die Here orde en reëlmatigheid in sy kerk wil hê, "want God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede." (1 Kor 14:33). In 'n groot mate dien die kerkwet daartoe om die orde in die kerk en die roeping van die kerk te omskryf, sodat dit volgens die eis van die Woord van God en in ooreenstemming met die belydenisskrifte van die kerk is. Elke vier jaar, tydens die Algemene Kerkvergadering, kan daar deur die vergadering wysigings of toevoegings aangebring word ter wille van die orde en die regering van die kerk.

'n Ampsdraer wat hom/haar vergewis van die inhoud van die kerkwet, sal nie alleen meer kennis dra van die kerk se beslissings oor belangrike sake asook van die kerklike organisasie nie, maar sal ook 'n veel dieper insig in sy/haar eie ampstaak hê. Die diaken wat kyk na die bepalings vir die diakonaat waar die arbeidsveld en werksaamhede van die diaken omskryf word, sal opnuut besef dat dia-

kenwees veel meer inhou as om kollektant te wees. Ons noem 'n paar aspekte ter illustrasie uit genoemde bepaling:

Die diakonaat omvat:
die sorg vir siekes, oues van dae en invalides;
die sorg vir en die opvoeding van verweesde en verwaarloosde kinders;
die sorg vir behoeftige weduwees;
die hulpverlening aan die wat in maatskaplike en ekonomiese moeilikheid verkeer.

Die diakens het in besonder die volgende take:
die insameling van die offers en gawes van die gemeente;
die bediening van die offergawes van die gemeente aan die armes;
die bystand aan die dienaar van die Woord aan die tafel van die Here;
die amptelike teenwoordigheid by die bediening van Woord en sakramente;
die bewaring van die orde in die erediens;
die beheer en die beskikking oor die diakonale gelde en goedere.

In die wyk word die diaken dikwels deur lidmate oor sake gekonfronteer. Baie vrae oor sake rakende die kerk, word aan ampsdraers gevra. Kennis bring selfvertroue. Daarom sal die diaken wat vertroud is met die inhoud van die kerkwet, ook die sg "moeilike gevalle" in die wyk met groter gemak en oortuiging kan hanteer en inligting kan verskaf waar onduidelikheid bestaan.

Dit sou ideaal wees as alle ampsdraers na elke Algemene Kerkvergadering die nuwe uitgawe van die kerkwet kan bekom. Dit kan deur die gemeentelike kolporteur teen geringe onkoste by die kerkkantoor bestel word. Benewens die feit dat elke ampsdraer die kerkwet self moet bestudeer, sou dit sekerlik maklik wees om een of meer artikels in 'n kort tydjie tydens elke kerkraadsvergadering te behandel. Dit sal nie alleen bydra tot 'n meer sinvolle kerkraadsvergadering nie, maar ook die kennis van die kerkwet by die ampsdraers verbeter.

Kennis van die leer van die kerk

Dikwels word die vraag gevra hoe dit moontlik is dat daar soveel sektegroepe langs die kerk kon ontstaan – en steeds ontstaan – terwyl

hulle dieselfde Bybel as die kerk gebruik. Uit die paradys-geskiedenis weet ons egter dat om die waarheid te verdraai, 'n dwaling is wat so oud is soos die mens self. Terwyl die kerk in hierdie wêreld is, sal daar altyd diegene wees wat die Woord van God verdraai en aanhangers van 'n dwaalleer is.

Dit is die taak van die kerk en daarom ook van elke gelowige, om die Here Jesus Christus voor die mense te bely. Die geloofsleer is ten nouste verbonde aan die gebeurtenis om te bely. Op die vraag van Jesus: "Maar wie sê julle is Ek?," het Petrus geantwoord: "U is die Christus die Seun van die lewende God" (Matt 16:16). Hierdie belydenis van Petrus is inderdaad 'n leerstelling, 'n uitdrukking van sy geloof: geloofsleer. Hieruit – en natuurlik uit ander Skrifgedeeltes – is die oudste en basiese geloofsbelydenis van die kerk gebore: "Jesus (Christus) is die Here."

Die kerk kan egter nie bloot met hierdie kort, basiese geloofsbelydenis volstaan nie. Dwaalleringe het die kerk in die geskiedenis genoodsaak om die leer van die kerk in geformuleerde leerstukke vas te lê. Ons noem dit die belydenisskrifte van die kerk. Teen verskillende ketterye en dwaalleringe wat ontstaan het, was dit vir die kerk nodig om nadat daar weer noukeurig na die Bybel geluister is, die leer van die kerk op skrif te stel. Dit blyk duidelik uit die ontstaansgeskiedenis van die belydenisskrifte van die kerk.

Die Nederlandse Geloofsbelydenis is geskrywe uit die noodsaak om die ware Bybelse geloofsleer te verdedig teen die druk en vervolging wat daar teen die Protestante plaasgevind het. Te midde van heftige vervolginge het Guido de Bray in 1561 hierdie belydenis opgestel. Dit bestaan uit 37 artikels en is 'n uiteensetting van die belangrikste geloofsartikels. Vir sy geloofsdaad, waarmee hy die kerk tot vandag verryk het, het De Bray in 1567 'n marteldood gesterf.

In die kerk, na die Hervorming, het dit noodsaaklik geword om aan die lidmate van die kerk onderrig te gee in die regte leer. In dié verband is 'n leerboek vir die kerk geskrywe deur Zacharias Ursinus en Caspar Olevianus – die *Heidelbergse Kategismus*, wat in 1563 verskyn het. As een van die belydenisskrifte van die kerk, bly dit steeds 'n pragwerk waarin die leer van die kerk op 'n treffende vraag-en-antwoord-wyse oorgedra word.

Ook die derde belydenisskrif – die *Dordtse Leerreëls* – het ontstaan as 'n afwysing van dwaaller en bevestiging van die ware leer van die kerk. Die sinode van Dordrecht het plaasgevind vanaf 13 November 1618. Die belangrikste waaroor hierdie sinode uitspraak moes gee,

was die leer van die uitverkiesing. Die beslissing van die sinode is vasgelê as die vyf Leerreëls van Dordrecht. Hierin word beklemtoon dat die mens alleen op grond van die genade van God uitverkore is, en ook alleen deur genade van God in die geloof bewaar word.

Benewens hierdie drie belydenisskrifte, bely ons as kerk, ons geloof ook in die volgende drie geloofsbelydenisse:
Die *Apostoliese Geloofsbelydenis* (ook bekend as die Apostolicum of Twaalf Artikels), *Die Geloofsbelydenis van Nicea* en *die Geloofsbelydenis genoem na Athanasius*. Elke ampsdraer van die kerk – en tròuens elke lidmaat – word dikwels met aanhangers van dwaalleringe gekonfronteer. Tog skiet die kennis van die leer van die kerk dikwels ver tè kort. Nou weet en begryp ons dat almal nie opgeleide teoloë is nie en daarom nie op hoogte is met die inhoud van al die belydenisskrifte nie. By die meeste ampsdraers en lidmate is die *Apostoliese Geloofsbelydenis* en die *Heidelbergse Kategismus* waarskynlik die bekendste van bogenoemde. Tog kan elkeen met min moeite ook die ander geskrifte onder oë kry ten einde ten minste te weet waar om die antwoorde te gaan soek op vrae wat mag opduik.

Kennis van die kerklike organisasie

Ten einde hulle ampstaak goed te kan verrig en ter wille van die goeie orde in die kerk, is dit werklik noodsaaklik dat die diaken op hoogte moet wees van die kerklike organisasie. Die diakens hanteer voortdurend groot bedrae geld in die kerk – geld, wat die offers van die gemeentelede is. Daarom moet dit met groot versigtigheid en nougesetheid geadministreer word.

Tydens die Algemene Kerkvergadering en die ringsvergadering word dikwels besluite geneem wat organisatories van aard is met betrekking tot die amp van die diaken. Daarom moet die diaken hom/haar deeglik vergewis van die verslag oor die genoemde vergaderings, wanneer afgevaardigdes die besluite aan die kerkraadsvergadering oordra en wanneer die notules behandel word. Daarbenewens het elke kerkraad ook sy eie organisatoriese reëlings na die eis van die plaaslike omstandighede.

Tog blyk dit telkens uit die verslag van die interne ouditeur van die kerk dat besluite nie na behore uitgevoer word nie. Talle probleme rondom hierdie saak sal uitgeskakel word as die diakens – en natuurlik veral nuwe diakens, deeglik hieroor ingelig word en dit dan ook uitgevoer word. 'n Werkswyse wat met vrug deur kerkrade

toegepas kan word, is om die belangrikste organisatoriese bepalings te laat tik en afrol en dit jaarliks voor in elke nuwe offergaweboek te plak. Sodoende het elke diaken voortdurend 'n handleiding byderhand oor die kerklike bepalinge in verband met die organisatoriese aspekte van sy/haar ampswerk.

Daar is – benewens vir sy/haar eie toerusting – ook 'n ander rede waarom die diaken op hoogte moet wees met die kerklike organisasie. Dit is naamlik noodsaaklik om die lidmate in sy/haar wyk op hoogte van sake te hou. Talle lidmate is waarlik nie bewus van die ontsaglike finansiële eise wat aan elke gemeente gestel word nie. Dit is byvoorbeeld nodig dat die lidmaat weet watter bedrag en waarvoor, jaarliks aan heffings namens elke lidmaat op sinodale vlak en in ringsverband oorbetaal moet word. Daarby kom ook nog die plaaslike gemeente se finansiële verpligtinge. Dit is nou eenmaal so dat die kerk ook met harde kontant werk en dat finansiële eise voortdurend groter word. Ten spyte daarvan en ten spyte van die feit dat bykans alle lidmate jaarliks by hul werk verhogings ontvang, bly baie lidmate se offergawe jarelank konstant.

Die kerklike organisasie is derhalwe 'n belangrike aspek van die toerusting vir die amp van diaken en deur hom/haar ook toerusting vir die hele gemeente.

Kennis van die instellings van die kerk waar barmhartigheidsdiens gelewer word

Die diens van barmhartigheid strek wyer as die gemeentegrense. Daar is 'n hele aantal instellings waarvoor die kerk in geheel verantwoordelik is. Hulle is die kinderhuise, ouetehuise, tehuis vir ongehude moeders en die Ondersteuningsraad. Hierby kom nog die verskillende inrigtings vir buitengewone onderwys waarvoor die kerk medeverantwoordelik is.

Laastens: die algemene diakonaat. Dit is 'n fonds wat voortdurend in stand gehou word sodat die kerk in staat kan wees om in breë verband onmiddellik hulp te verleen in, byvoorbeeld rampgeteisterde gebiede.

Dit is nodig dat die diaken op hoogte moet wees van die behoeftes van hierdie instellings ten einde dit aan die lidmate oor te dra en hulle tot offerbereidheid aan te moedig. Vir sommige van hierdie instellings – soos ook op ander terreine van die kerk – word daar gebruik gemaak van heffings van elke gemeente volgens die getal

belydende lidmate. Die heffingsisteem het altyd die voordeel dat 'n behoeftepeiling gemaak kan word, 'n begroting opgestel kan word en 'n vaste inkomste verseker is. Die nadeel van die heffingsisteem is dat die lidmate dikwels totaal onbewus is van die instellings en hulle behoeftes. Die heffing word gereeld uit die gemeentefondse oorbetaal sodat dit inderdaad 'n indirekte en dikwels onbewuste wyse van offer is.

Daarom is dit goed as die diaken die lidmate van sy wyk op hoogte hou van hierdie instellings en fondse. Behalwe dat die lidmate dan spesiale offers kan bring vir enigeen van die genoemde instellings, (wat dan in 'n kolom in die offergaweboek aangeteken word), is daar sekerlik ook diegene wat erflatings sou wou maak, indien hulle van die behoeftes bewus was.

Wanneer daar oor die finansiële behoeftes van die verskillende instellings gepraat word, het ons nog nie werklik by die mens in sy nood uitgekom nie. Daarom sou dit sekerlik betekenis hê indien die diaken met die instellings self kan kennis maak. Prakties sou dit seker nie vir elke diaken moontlik wees nie. As lede van die diakonie egter van tyd tot tyd by hierdie inrigtings besoek kan aflê, kan al die diakens op hoogte gehou word en deur hulle die hele gemeente.

Kontrole vrae

1. Waarom is kerkraadskategese noodsaaklik?

   .....

2. Watter vorme kan kerkraadskategese aanneem?

   .....

3. Wat word onder voortgesette kerkraadskategese verstaan?

   .....

4. Noem die redes waarom Bybelstudie vir 'n diaken noodsaaklik is.

   .....

5. Waarin vind 'n mens 'n uiteensetting van die leer van die kerk?

   .....

6. Hoeveel belydenisskrifte is daar? Noem hulle.

.....

7. Hoekom moet die diaken kennis neem van die besluite van die kerk?

.....

8. Om welke redes is kennis van die instellings waar barmhartigheidsdiens gelewer word, noodsaaklik?

.....

Onderwerpe vir bespreking

1. Die betekenis van kerkraadskategese en die metodes waarop dit die sinvolste aangebied kan word.
2. Die doel en metode van Bybelstudie.

6
Sy werk in die wyk

Nadat ons tot dusver deeglik oor die wese van die diakensamp, sy persoonlike betrokkenheid in die amp, asook die toerusting vir die amp besin het, kan ons nou oorgaan tot die regte evaluering van sy ampswerk in die praktyk – soos dit in sy maandelikse roetine-besoeke tot stand kom, of moet kom. In dié verband is dit egter noodsaaklik om, alvorens ons met groot vaart en ywer ons wyksbesoeke aandurf, eers vir onsself volkome duidelikheid te kry oor die volgende aangeleenthede:

Wat is offergawes?

As daar veral een saak uit die kerklike praktyk uitgelig kan word waaromheen wanbegrippe en verwronge idees geweef word, dan is dit die begrip "offergawe." Daarom sal dit vir die diaken onontbeerlik wees om te weet wat die Bybel hieromtrent sê om sodoende ook en veral sy wyksmense oor die ware godgegewe betekenis daarvan in te lig en tot vreugdevolle offerbereidheid op te voed.

Met betrekking tot die Ou Testament kom die begrip "offergawe" of "offerande" reeds baie vroeg ter sprake. Reeds in Genesis 4 lees ons dat, Kaïn van die vrugte van die land en Abel van die eersgeborenes van sy kleinvee, aan die Here 'n "offer" gebring het. Vervolgens verneem ons in Genesis 8 dat Noag vir die Here 'n altaar gebou en "brandoffers" op die altaar gebring het. Om offers aan God te bring, was dus vanaf die vroegste dae 'n doodnatuurlike, maar tegelyk baie belangrike godsdienstige handeling. Tydens Israel se woestynreis kry die offerdiens egter 'n vaste beslag, wanneer die leviete op Gods bevel die tabernakeldiens instel. Tegelyk vind daar nou ten opsigte van die begrip "offerande" 'n differensiasie plaas, te wete brandoffers, spysoffers, dankoffers, sondoffers en skuldoffers (Lev 1–7 beskryf noukeurig al die voorskrifte in dié verband). Sonder om op die afsonderlike betekenis van elkeen van bogenoemde offers in te gaan, is dit belangrik om daarop te let dat die Ou-Testamentiese offerhandelinge hoofsaaklik rondom die volgende drie begrippe wentel en daaraan uitdrukking wil gee:

Toewyding aan God

Net soos die offerande geheel en al in rook opgaan tot eer van die Here, so betuig die een wat offer dat hy daarmee ook sy lewe geheel en al aan God wil toewy.

Dankbaarheid jeens God

Kragtens die verbond van God met sy volk en die seëninge wat op geestelike en stoflike gebied daaruit voortvloei, het iemand wat offer 'n tiende van sy oes en al die manlike eersgeborenes van sy vee as 'n dankoffer aan God afgesonder. (Lees Deut 26:1-11 asook Deut 15:19-23). Hiermee word God as die Gewer van alle goeie gawes erken, en met dankbaarheid gehuldig.

Versoening met God

Die offerdier as draer en wegdraer van die menslike skuld en sonde voor God, word veral in Levitikus 16 – wat oor die groot versoendag handel – treffend beskryf. Maar reeds in Levitikus 1:4 lees ons dat as iemand aan die Here 'n offer wil bring, "hy sy hand op die kop van die brandoffer moet lê, dan sal dit vir hom met welgevalle aangeneem word om versoening vir hom te doen." Met hierdie offerhandeling bely hy voor God dat hy vanweë sy sonde die dood verdien, maar tegelyk, dat die offerdier plaasvervangend tot versoening vir hom intree.

Met betrekking tot die Nuwe Testament word ons daarop gewys dat die offers van die ou verbond, wat gedurig herhaal moes word, onvolmaak is. Dit het egter "'n skaduwee van die toekomstige weldade," met ander woorde, dit wys heen na die offer van Christus op Golgota wat slegs eenmaal plaasgevind het en volkome genoegsaam is! Volgens die Hebreërbrief, het Christus nie net as Hoëpriester van die toekomstige weldade opgetree nie, "maar het Hy met sy eie bloed net een maal die heiligdom binnegegaan en 'n ewige verlossing tot stand gebring." (Hebr 9:12) Die offerdiens van die ou bedeling het dus in die volmaakte offer van die Lam van God, Jesus Christus, tot vervulling gekom. Lees in dié verband Hebreërs 9:1-10:18, asook Johannes 1:29; 2 Korintiërs 5:21; 1 Petrus 1:18-20. En nou is dit in die lig van hierdie eenmalige en genoegsame offer van Jesus Christus, dat die offerdiens van die Christen sy beslag kry: Uit *dankbaarheid* teenoor God vir hierdie onverdiende saligheid in Christus, ... in antwoord op die Woord van Versoening, ... is daar by die ware

gelowige die onweerstaanbare drang om nie meer vir homself te lewe nie, maar vir Hom wat vir ons gesterf het en opgewek is (2 Kor 5:15). Dit bring mee dat alles wat die ware gelowige *is* en *het*, een groot *dankoffer* word. 'n Dankoffer wat tot gestalte kom in goeie werke voor God, goeie werke waardeur God verheerlik, en ons naaste vir Christus gewen mag word! In die Jakobusbrief lees ons "dat die geloof sonder die werke dood is" (hoofstuk 2:20) en daarom kan tereg beweer word dat die offers en offergawes van die lidmaat 'n onweerlegbare barometer van 'n lewende geloof in Christus is en dankbaarheid teenoor die Vader van Jesus Christus. Dit is toewyding aan God as die oorkoepelende resultaat van ons dankbaarheid. Uit bogenoemde opmerkings het die essensie waarom dit eintlik gaan begin deurskemer, naamlik dat God nie alleen offergawes of offerhandelinge van ons vra nie, maar dat Hy ons hele lewe, ja onsself vra! Alles wat ek is en het moet tot sy beskikking gestel word, ten dienste van sy koningsheerskappy. My tyd, my vermoëns, my middele, my kragte, ja, selfs my gedagtes, woorde en dade, moet as 'n offer aan God toegewy wees! Op stuk van sake behoort ons immers "met liggaam en siel, in lewe en in sterwe nie aan onsself nie, maar aan ons getroue Verlosser, Jesus Christus. (Heidelbergse Kategismus, Sondag 1).

In Romeine 12:1 vermaan Paulus dan ook die gemeente "dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdiens." Die ware godsdiens – in teenstelling met die valse vormgodsdiens – bestaan vir Paulus dáárin dat onsself, en dus ons hele bestaan as 'n lewende offer aan God toegewy moet wees! En van die praktyk hiervan word in 2 Korintiërs 8:5 melding gemaak, wanneer Paulus ten opsigte van die offervaardigheid van die gemeentes van Masedonië die volgende gesê het: "Dit was meer as wat ons verwag het, want eers het hulle hulleself aan die Here gegee en toe aan ons. Dit is soos God dit wil."

Samevatting

God het sy beste, sy enigste Seun vir ons op Golgota geoffer – tot ons versoening, ons verlossing en ewige saligheid (Joh 3:16; 2 Kor 8:9). Nou vra God ook van ons die "beste" van ons tyd, ons kragte, ons vermoëns en middele, ja, die "beste" van wat ons IS en HET. Op stuk van sake "En wat besit jy wat jy nie ontvang het nie? As jy dit dan ontvang het, waarom stel jy jou so aan asof jy dit nie ontvang het

nie?" (1 Kor 4:7). Alles wat tot dusver gesê is, kan dus saamgevat word in die eerste en groot gebod: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand" (Matt 22:37)!

Insameling van offergawes

In die verband is dit belangrik om daarop te let dat elke belydende lidmaat voor God en die gemeente beloof het "om die groei en die vooruitgang van die een heilige, algemene Christelike kerk en van die Nederduitsch Hervormde Kerk in die besonder na die beste van (sy) vermoë en met toewyding te bevorder." (Nuwe Diensboek). Dit was 'n vrywillige belofte, maar tegelyk 'n bindende en onherroeplike belofte voor God! Met goeie reg kan die diaken dus die onwillige en moedswillige lidmaat met sy eie belofte konfronteer en hom op sy verantwoordelikheid wys. Vir die meelewende lidmaat is dit 'n voorreg en deel van sy dankbaarheid en toewyding aan God om hierdie belofte na te kom.

Vervolgens word die diaken tydens die insameling van offergawes met etlike vrae gekonfronteer, waarvan die belangrikste die volgende is:

Hoeveel moet ons gee?

Die Nuwe Testament gee geen aanduiding van hoeveel presies gegee moet word nie – 'n tiende, twintigste of dertigste nie – aangesien dit eweneens om die beginsel van dankbaarheid en toewyding aan God gaan. Tog lê die Nuwe Testament sekere breë riglyne neer waar Paulus aan die Korintiërs skryf om elkeen opsy te sit en te spaar "na sy vermoë" (1 Kor 16:2). Ons offergawes moet dus ook tred hou met die stoflike voorspoed wat ons uit die hand van God ontvang. In hierdie verband vermaan Paulus die Korintiërs – en daarom ook vir ons – met die woorde: "Dink daaraan: wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes" (2 Kor 9:6).

En tog bly die gee van offergawes tegelyk 'n vrywillige saak en is dit nie afdwingbaar nie. Paulus skryf voorts aan die Korintiërs: "Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief" (2 Kor 9:7). In sommige gemeentes is dit praktyk om 'n bepaalde bedrag van 'n lidmaat te "eis" of 'n soort "heffing" op te lê. Dit bring

die skriftuurlike beginsels van vrywilligheid en veral "blymoedigheid" erg in gedrang. In die lig hiervan is die verpligte gee van tiendes, soos dit in die Ou Testament geëis word, 'n saak wat tot die ou bedeling behoort. Na die koms en heilswerk van Jesus Christus vind ons in die Skrif hoegenaamd geen verwysing in dié verband nie. Ons moet egter in gedagte hou dat vrywillig nie eiewillig beteken nie. Ons moet nog altyd gehoorsaam wees aan die Woord van God. God vra ook van ons om Hom met ons besittings, wat ons uit sy hand ontvang het, te dien.

Waarvoor moet ons gee?

Die beginsel dat die finansiële behoeftes van die kerk of gemeente – hoe dringend dit ook al mag wees– nooit die primêre grondslag vir die gee van offergawes mag wees, kan nie te sterk beklemtoon word nie. Indien wel, dan tas dit die menslike en skriftuurlike betekenis van ons offerdiens aan, te wete die dankbaarheid en toewyding aan God vanweë die volkome soenoffer van sy Seun. Maar nou is dit die goeie reg van enige lidmaat om by sy diaken navraag te doen oor die gebruik of aanwending van die offergawes. In dié verband is veral twee sake belangrik:

Barmhartigheidsdiens

Paulus verwys spesifiek na hierdie diens as hy in 2 Korintiërs 8:4 en 9:1 praat van die diensbetoning aan die heiliges. Dit is tog die allerbelangrikste en primêre taak van die diaken (sien die bevestigingsformulier). Dit gaan dus om die bewoënheid van die gelowige lidmaat – en dus van die kerk – oor die nood van sy medegelowige wat arm en hulpbehoewend is (vgl Luk 10:25-37). Dit was immers ook die gesindheid van die vroeg-Christelike kerk (Hand 2:45 en 4:32-37). Die diaken moet sy lidmate daartoe oproep "en so toerus, dat hulle hulle gawes mildelik en uit dankbaarheid sal gee."

Die instandhouding en uitbreiding van die verkondigingswerk van die kerk

Die Heilige Gees laat Hom van die Woordverkondiging bedien om geloof in die harte van mense te werk, maar tegelyk ook van Woordverkondiging en sakramentsbediening om hierdie geloof voortdurend te versterk en te laat groei. Die instandhouding van die ere-

diens, die pastorale sorg, kategetiese onderrig, asook die evangelieverkondiging aan buitekerklikes en nie-Christelike volkere – en watter ander verkondigingsgestaltes daar ook al mag wees – verg middele om na behore en effektief te funksioneer. Daarby kom nog dat in die lig van die voortdurend-stygende lewenskostestruktuur, aanpassings gemaak moet word. Dié wat so bevoorreg is om Sondag vir Sondag die Woord te hoor, en hom voortdurend laat versterk en troos deur beide Woord- en sakramentsbediening, sal blymoedig sy offergawes uit dankbaarheid gee – nie alleen vir die instandhouding daarvan nie, maar tegelyk met die heilige begeerte en gebed dat andere ook daardeur die vrymakende klanke van die evangelie mag hoor en glo! Uit alles wat tot dusver gesê is, is die vraag na die regverdiging van predikantstraktemente, al dan nie, 'n uitgemaakte saak. Paulus skryf aan die Korintiërs: "So het die Here ook bepaal dat dié wat die evangelie verkondig, hulle lewensonderhoud uit die verkondiging van die evangelie moet ontvang" (lees 1 Kor 9:11-14; Fil 4:10-18).

Op watter wyse moet ons bydra

Afgesien van die gesindheid van dankbaarheid en blymoedigheid wat die gee van ons offergawes moet kenmerk – waaroor ons reeds gehandel het – is dit van die grootste belang dat ons op 'n sistematiese en geordende wyse en volgens 'n vaste plan moet gee. In 1 Korintiërs 16:2 lees ons van so 'n orde-reëling as Paulus aan die gemeente skryf: "Elke Sondag moet elkeen van julle na sy vermoë tuis iets opsy sit en dit opspaar, sodat die geldinsameling nie eers plaasvind as ek kom nie." In sy tweede brief aan dieselfde gemeente vermaan die apostel hulle om die dankoffer vooraf in orde te bring, sodat dit gereed kan wees "as 'n werklike offer van dankbaarheid, en nie as iets wat afgepers is nie" (2 Kor 9:5). In die lig van genoemde Skrifgetuienis, moet die diaken die lidmate in sy wyk opvoed om hulle dankoffers vooraf in orde te bring en dit opsy te sit.

Dit voorkom nie alleen verleentheid vir die lidmaat nie, maar veral ook frustrasie vir die diaken. Indien so 'n orde-reëling ontbreek, kom die begrip "dankoffer" in gedrang. Dan word dit inderdaad "iets wat afgepers is" met onnodige wanverhoudings tot gevolg. Nee, gereedheid en getrouheid – ook in dié verband – kenmerk die lewe van die ware Christengelowige. Dit is deel van 'n geheiligde lewenswyse!

Kennis van die wyk

Dit is van die allergrootste belang dat die kerkraad moet toesien dat die aantal besoekpunte waaruit 'n wyk bestaan, tot 'n hanteerbare getal beperk word. 'n Redelike gemiddeld sou ongeveer twaalf besoekpunte per wyk wees. Indien wyke te groot word, werk dit spanning en frustrasie in die hand wat 'n diaken gou laat tou-op gooi. Kleinere wyke daarenteen, maak intensiewe arbeid moontlik en skep vanselfsprekend die geleentheid tot beter kommunikasie tussen diaken en lidmaat. Om dus ware kennis van die wyk en sy mense te bekom, is gereelde maandelikse besoeke onontbeerlik, maar ook opvolgbesoeke by lidmate waar die diaken van nood en lyding bewus is. Kleiner wyke of minder besoekpunte, stel die diaken in staat om ook nuwe intrekkers so gou as moontlik te besoek. Dan kan hulle as meelewende lidmate van die gemeente ingeskakel word en van die nodige inligting en advies bedien word. (Ons dink hier onder andere aan die NHSV- en Jeugverenigingsaktiwiteite, die kategeseklasse, ens.)

Aangesien die diaken 'n gereelde kommunikasie-skakel of -kanaal tussen kerkraad en lidmaat is, is sy besoke van onskatbare waarde om amptelike inligting van die kerkraad by lidmate tuis te bring. Dit is egter ook en veral van waarde omdat belangrike informasie met betrekking tot sy wykslidmate sodoende by die regte adres kan kom, te wete sy ouderling, sy predikant, die diakonie, kategesesuperintendent, kerkraad, ensovoorts.

Ten opsigte van tweerigting-kommunikasie is die diakensfiguur 'n onontbeerlike skakel in die groot raamwerk en ratwerk van gemeentelike organisasie. Die diaken moet altyd in staat wees om *ten minste* die volgende inligting met betrekking tot elke huisgesin of lidmaat binne sy wyk te kan verskaf:

Kerklike meelewing

Is die gesin of lidmaat kerklik ingeskakel – veral ten opsigte van gereelde kerkbesoek en nagmaalsbywoning? Kom die ouers hulle doopbelofte na, deur toe te sien dat hulle kinders onder andere gereeld die kategeseklasse bywoon? Meer nog, hou die lidmaat nog vas aan die "belydenis" wat hy of sy "voor baie getuies afgelê het" (1 Tim 6:12) of neig hy tot kerklaksheid en sektarisme?

Gesinsverhouding

Is die gesin nog waarlik 'n bolwerk en vesting teen goddelose en verderflike invloede of is daar reeds barste in die gesinsmure, miskien vanweë huweliksonenigheid of gebrek aan ouerlike dissipline? Voorkoming is altyd beter as genesing. Indien daar feitelike bewys van disharmonie of verval is, moet die wyksouderling so gou as moontlik betrek word en indien nodig, ook die predikant.

Ekonomiese welsyn

Is die gesin finansieel vermoënd of hulpbehoewend? Indien laasgenoemde die geval is; is werkloosheid of werkskuheid of enige ander faktor die oorsaak van die probleem? Hierdie inligting moet so spoedig moontlik vir verdere optrede na die diakonie deurgegee word.

Ander probleemsituasies

Die getroue diaken wat gereeld sy wyk besoek, is gewoonlik eerste op hoogte van dood, siekte, teëspoed of ander probleme wat in sy wyk voorkom. Hierdie kennis mag hy nie vir homself hou of selfs vergeet nie. Dit sal onvergeeflik wees. Behalwe dat hyself by wyse van opvolgbesoeke bystand verleen, moet sy ouderling en predikant so spoedig moontlik van die besondere nood in kennis gestel word.

Om alle misverstand uit te skakel – asof die diaken slegs informant en verskaffer van inligting is – is dit goed om daarop te wys dat in die nuwe formulier vir die bevestiging van diakens, die volgende belangrike beginsel ingeskryf is: "Aangesien ons alleen ware troos en verlossing in Jesus Christus kan vind, sal die vertroosting uit die Woord van God sentraal in hulle werk moet staan, en sal dit gedoen moet word in ware samehang met die ander ampte."

Vertroosting uit die Woord van God lê dus nie alleen op die weg van die predikant en ouderling nie, maar is eweneens 'n godgegewe verantwoordelikheid van die diaken. Dit gaan dus by die diaken nie net om kennis van sy wyk nie, maar veral en boweal om kennis van die Woord!

Vriend in die wyk

Sonder wedersydse vertroue, is sinvolle kommunikasie net nie moontlik nie! Hierdie waarheid laat hom geld in alle menseverhou-

dinge, maar is veral ten opsigte van wyksbesoeke en pastorale gesprekke onontbeerlik. Vertroue skep vrymoedigheid en dit open deure tot openhartige gesprekke, wat andersins vir die diaken geslote en onbekend sou gebly het. Meer nog, die diaken wat daarin slaag om 'n vertrouensverhouding daar te stel, sal vind dat daar nou ook ander deure oopgaan, die bereidwilligheid om te luister na die evangelie van Jesus Christus!

Die vraag is egter: hoe kan so 'n vertrouensverhouding tot stand kom? Laat ons ons hier veral bepaal by twee riglyne:

Begrip en meelewing

Om begrypend en met geduld te luister, is voorwaar 'n kuns. Dit kom nie vanself nie, maar vereis baie inspanning en voortdurende oefening. Dit beteken allermins om passief te wees, trouens, dit verg die hoogste graad van konsentrasie en geestelike aktiwiteit. Wie 'n simpatieke oor het vir die nood, pyn, vreugde en kritiek van sy wyksmense, ja, vir watter ontboeseminge daar ook al mag wees, het reeds vér gevorder in die daarstelling van 'n vertrouensverhouding. Brûe word gebou deur veral vrae te stel wat van opregte meelewing en belangstelling in die wel en weë van die medegelowige getuig. Hierdie brûe kan daartoe lei dat die Woord sy doelwit makliker kan bereik. Met betrekking tot ware meelewing, het Paulus in dié verband sy eie toewyding soos volg beskryf: "Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om Jode te wen. Vir die swakkes het ek swak geword om die swakkes te wen. Vir almal het ek alles geword om in elk geval sommige te red" (1 Kor 9:20 en 22). Hiermee bedoel Paulus dat hy hom aanpas en probeer inleef in die leef- en gedagtewêreld van sy medemens deur in sy skoene te probeer staan. Hierdie selfverloënende optrede is geheel en al vry van selfsugtige motiewe. "Dit alles doen ek ter wille van die evangelie", roep Paulus dit in vers 23 uit. Dieselfde gesindheid en lewenshouding moet kenmerkend wees van elke ampsdraer wat met sy godgegewe roeping erns maak, "begrip" en "meeleweing" ten opsigte van my medegelowige, kan seker nie beter opgesom word as in die kort en kragtige woorde van die brief aan die Galasiërs nie: "Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus" (Gal 6:2). "Die wet van Christus" – dit is die wet van die liefde!

Raad en vermaning

'n Toegewyde ampsdraer gebruik albei ore: die een om simpatiek te luister na die nood van die lidmaat en die ander om gelowig te luister na die Woord van God. Dit bring mee dat die diaken ook "die Woord van God ywerig moet ondersoek en hom gedurig moet oefen in die bepeinsing van die verborgenhede van die geloof." Bogenoemde woorde uit die bevestigingsformulier vir ouderlinge is trouens nie alleen die plig nie, maar veral die voorreg van alle Christengelowiges, en des te meer nog van die ampsdraer. Hy moet die Skrif ken en dit vaardig en waardig hanteer, sodat die Woord in elke gegewe situasie kan spreek. In dié verband skryf Paulus aan Timoteus: "Die hele Skrif is deur God ingegee en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek" (2 Tim 3:16). Die ampsdraer wat die Woord self laat spreek, sal tot die ontdekking kom dat, deur die werkinge van die Heilige Gees, die Woord ook selfwerksaam is in die lewe en harte van mense. Dan is alle menslike tegnieke en sielkundige metodes, alle kunsgrepe en "wyse" woorde nie alles nie – trouens dan is dit 'n belemmering, 'n hulpmiddel en nie die enigste middel nie. Die enigste bron en vorm van ons lewe is en bly die Woord van God.

Optrede by probleme in die wyk

Wanneer probleme in 'n wyk opduik – die diaken is gewoonlik die eerste om hiervan kennis te neem – moet hierdie probleme eers reg ge-evalueer of beoordeel word voordat daar korrek opgetree kan word. "Probleemgevalle" kan min of meer in die volgende kategorieë ingedeel word:

Probleme van geestelike aard

Hier moet ons onderskei tussen beproewinge wat deur God se alwyse beskikkinge op iemand se weg geplaas word, en probleme wat 'n mens vanweë sy eie onverantwoordelikheid en ongehoorsaamheid oor homself bring. In eersgenoemde geval dink mens byvoorbeeld aan dood en siekte (al is dit loon van die sonde), en in laasgenoemde geval byvoorbeeld aan gesinsverbrokkeling, alkoholisme, diefstal en owerspel en dinge wat willens en wetens gedoen word.

Nou maak Paulus die volgende treffende onderskeiding as hy in 2 Korintiërs 7:10 skryf: "want droefheid volgens die wil van God bring bekering wat tot redding lei, en daaroor was niemand nog ooit jammer nie. Daarteenoor bring droefheid uit wêreldse oorwegings die dood."

Daar bestaan dus twee soorte droefheid wat op die oog af moeilik onderskei kan word, maar waarvan die uitwerking of resultaat presies die teenoorgestelde is. Die droefheid wat die bedroefde na God uitdryf en tugtig, voer tot innerlike omkering en vernuwing, ja, die einde daarvan is die geluksaligheid. Die droefheid uit wêreldse oorwegings, dit wil sê die droefheid wat weg van God geleef word, voer na die diepte van verlatenheid en ewige dood – want hulle ween nie oor hulle sonde nie, maar slegs oor die uitwerking daarvan! En nou moet enige ampsdraer – en dus ook die diaken – kan onderskeid maak. As hy hier te doen het met 'n "droefheid volgens die wil van God", dan moet hy kom met vertroostinge uit die Woord (bv Rom 8:31-39; Hebr 12:1-11; 1 Pet 1:3-12; Op 21:1-8; om slegs enkeles uit die Nuwe Testament te noem).

Gaan dit egter om 'n "droefheid uit wêreldse oorwegings", dan moet so iemand ferm, maar tegelyk in 'n gees van liefde vermaan word. Hier geld veral die woord aan die Galasiërs: "Broers, as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp. En pas op: jy kan self ook in versoeking kom" (Gal 6:1). Indien iemand egter volhard in sy ongehoorsaamheid aan die Woord en dus ook in sy sonde, dan moet daar opgetree word volgens die riglyne wat Christus aan sy kerk gegee het (Matt 18:15-17) en volgens die bepalings van die kerkwet. Onder laasgenoemde kategorie ressorteer ook diegene wat kwaadwillige en aggressiewe "moeilikheidmakers" in die wyk is.

Probleme van materiële aard

Bo en behalwe vertroostinge uit die Woord van God, moet die diaken so gou as moontlik met die voorsitter of sekretaris van sy gemeentelike diakonie in verbinding tree, wat dan in medewerking met die vakkundige dienste van die plaaslike Ondersteuningsraad, die nodige stappe sal doen om die noodtoestand verder te verlig. In hierdie proses van barmhartigheidspligpleging, sal die wyksdiaken egter

steeds betrek en ingeskakel wees! (Verdere besonderhede in dié verband sal in die volgende hoofstuk breedvoerig behandel word).

Ten slotte is dit belangrik om te weet dat gereelde gesprekke en oorlegpleging tussen die diaken en sy ouderling van onskatbare waarde is. Dit is veral die plig van die diaken om sy ouderling gereeld op hoogte te hou van omstandighede in die wyk – byvoorbeeld siekte, beproewinge, geloofs- en huweliksprobleme, ensovoorts. So vul die twee ampte mekaar aan en vergemaklik hulle die taak van hulle predikant wat die hele gemeente as sy arbeidsveld het!

Kontrole vrae

1. Hoe word die begrip offergawe in die Ou Testament gebruik?

   .....

2. Wat sê die Nuwe Testament oor offergawes?

   .....

3. Hoeveel moet ons gee?

   .....

4. Op watter wyse moet ons bydra?

   .....

5. Waarom is dit vir 'n diaken noodsaaklik om 'n goeie kennis van sy wyk te hê?

   .....

6. Hoe moet 'n diaken optree by probleme in sy wyk?

   .....

Onderwerpe vir bespreking

1. Wat sê die Bybel oor offergawes?
2. Die diaken en sy wyk.

7
Barmhartigheidsdiens

Die Afrikaanse woord "barmhartigheid"

Die Afrikaanse woord "barmhartigheid" soos dit nou hier voor ons geskrywe staan, bevat twee woordjies wat hier te sprake moet wees; die woordjies "arm" en "hart". Die letter "b" is 'n voorvoegsel by "arm": "barm". Dit word gevolg deur die agtervoegsel "hart". Ons kry die woorde "barmhartig *wees*" (werkwoord) en "barmhartig*heid*" (naamwoord). Hierin lê dus, volgens woordbetekenis, die "arm(oede)" van 'n (ander) mens en die "hart" van 'n mens opgesluit; kom ons sê my hart! Die twee, daardie "arm" mens en my "hart" het iets met mekaar te doen; dit is deel van een groot saak: barmhartigheid. Daar kom dus méégevoel, bewoënheid in my hart by die aanskouing van hierdie arme en ongelukkige. Dit roep my op om aan die arme en beklaenswaardige *barmhartigheid* te bewys. Ek is aangedaan! Dit raak ook my wil, ek wil help. Ek gaan oor tot *daad*werklike barmhartigheid: ek help! Die hulp kom uit my hart. Ek doen dit heelhártig, soos dit 'n Christenmens, 'n gelowige, betaam.

Die Ou-Testamentiese agtergrond van die Nuwe-Testamentiese begrip van barmhartigheid: die goedheid van God

'n Gelowige het die héle Bybel om te lees. Hy pak nie gemaklikheidshalwe die "klein Nuwe Testamentjie" in as hy met vakansie gaan nie. Jesus se Bybel was die Ou Testament; daarmee het Hy ook die duiwel verdryf. Met verskillende aanhalings uit die Ou Testament, sterf Hy aan die kruishout. Ons moet dit maar altyd onthou; ook in hierdie navraag na die betekenis van barmhartigheid. Ons moet na die hele Bybel luister.

Vir die gelowige het die gesindheid waarin, en die daad waarmee barmhartigheid bewys word, álles met Jesus Christus te doen. Wie oor Jesus Christus praat, begin egter nie by Matteus 1 nie, maar by Genesis 1. Dat die Woord wat mens geword het "in die begin" reeds daar was, vertel Johannes 1:1 baie duidelik. In die Ou Testament kry ons veral die begrippe *liefde, goedheid, weldadigheid, guns, genade, meegevoel*, wat hier vir ons belangrik is.

Die vraag is nou: wat is die Bybelse bedoeling met barmhartigheid? Is dit net 'n goeie gesindheid van een mens teenoor 'n ander mens, 'n kwessie van méégevoel? Is dit slegs 'n saak wat mens en medemens raak (dus suiwer horisontaal, aards), of het dit ook met God verband?

Wanneer die Bybel nou oor die diens van barmhartigheid praat, dan doen die Bybel dit, so lyk dit vir my, hoofsaaklik in 'n tweeledige sin. Eerstens praat die Bybel oor die barmhartigheid van God. Vergelyk byvoorbeeld Genesis 3:14, Eksodus 20:6, 2 Samuel 24:14, Psalm 26:6, 40:12, 51:3 in die Ou Testament en onder andere Matteus 5:7, 9:13, Lukas 1:50, Romeine 9:23 en 1 Korintiërs 7:25 in die Nuwe Testament.

Wanneer ons nou al die Skrifuitsprake oor die barmhartigheid van God nagaan, kan ons enkele gevolgtrekkings daaruit maak.

God is barmhartig

Die barmhartigheid van God het betrekking op en is gerig op die mense. Die mense op wie die barmhartigheid van God gerig is, is sondaars. God gryp in in hulle nood en ellende.

Hy verlos hulle uit hulle nood, sonder hulle toedoen of medewerking. Hulle word opgeneem in die genadeverbond van God, hulle word gelowiges, mense wat leef met koers na 'n bestemming toe.

Hieruit vloei die Bybelse opdrag aan ons voort: "Wees julle dan ook barmhartig soos julle Vader wat in die hemele is, barmhartig is." Ons barmhartigheid is met ander woorde 'n daad van dankbaarheid. Dit vloei voort uit die feit dat God ons barmhartig was. Dit hou dus in dat ons soos die barmhartige Samaritaan nie alleen die nood van mense sal raaksien nie, maar ook daarin sal ingryp. En nou beteken dit seker ook dat ons mense van voedsel en klere sal voorsien. Vergelyk Jakobus 2:15 en 16: "U sê nou daar is 'n broeder of suster wat nie klere het nie en dag vir dag honger ly, en sê nou een van julle sou vir hulle sê: 'Mag dit met julle goed gaan; gaan trek julle warm aan en eet genoeg', maar julle gee nie vir hulle wat hulle nodig het om van te lewe nie, wat help dit dan?" Wie egter dink dat sy taak hier ophou, ken nie die nood van die wêreld nie, weet nie wat die grond daarvan is nie en het nie kennis geneem van die hele Bybelse opdrag in hierdie verband nie. Die nagmaalsformulier het die nood van die mensdom goed en reg saamgevat deur te sê dat "die oorsaak van ons ewige honger en kommer", die sonde is. Daarom sê die be-

vestigingsformulier van die diakens dan ook dat die diaken "nie alleen met uiterlike gifte nie, maar ook met vertroostinge uit die Woord van God, aan die armes en ellendiges" hulp moet bewys. Vergelyk ook Romeine 12:8 en 2 Korintiërs 9:7. Jesus Christus moet hier verkondig word, en die mense moet geleer word dat Christus nie net gevolg word om die spys wat vergaan nie, maar om dít wat bly tot in ewigheid. Jesus Christus is die Brood van die lewe, en wie in Hom glo, sal nooit honger of dors kry nie.

Ons kan ook die diens van barmhartigheid aflees uit die gebod – jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Maar verstaan dan goed, hierdie is die samevatting van die tweede tafel van die wet en dit vloei voort uit die eerste, naamlik dat jy die Here jou God moet liefhê met jou hele hart, met jou hele siel en met al jou kragte. Ons bewys nie in die eerste plek barmhartigheid omdat ons bewoë is oor ons naaste in sy nood nie. Ons doen dit as 'n teken van ons dankbaarheid teenoor God, omdat Hy ons barmhartig was.

Daarom stel Jesus die liefde tot God eerste. Hy doen dit om aan ons te verduidelik dat naasteliefde alleen in die helder lig van die liefde teenoor God, kan groei en bloei en vrugte dra.

In hierdie verband sê prof B J Engelbrecht dat hý wat die tweede tafel los van die eerste wil vervul, 'n sosialis of hoogstens 'n humanis word, maar geen Christen nie. 'n Kerk wat dít doen, word 'n vereniging vir sosiale dienste, en is geen kerk meer nie. As dit so is, dan ontaard ons naasteliefde gou in werkheiligheid en werkgeregtigheid, omdat dit nie meer leef uit die geregtigheid en heiligheid van God in Jesus Christus nie. Dan wil ons ons naaste dien sonder om God te dien. Paulus sê dat alles wat nie uit die geloof is nie, sonde is. Verder leer die Bybel ons ook dat ons nie in ons naaste nie, maar allen in God kan glo. Naastediens los van godsdiens is dus ook sonde en geen werklike en ware vervulling van die wet nie. In hierdie verband het Luther tereg opgemerk dat as daar iemand sou lê wat hulp nodig het en 'n gelowige sou hom help, dan sou ons kon sê dit is 'n goeie werk. As 'n ongelowige egter dieselfde hulp aan daardie persoon sou bied, dan sou dit niks anders as afgodery wees nie.

Die twee tafels van die wet hoort tesame. Daarom voeg Jesus by die samevatting van die eerste tafel, die tweede: "En die tweede wat hiermee gelyk staan, is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself". In hierdie sin is naastediens tegelyk ook godsdiens. Dan staan dit in diens van God, dan is dit ons daad van dankbaarheid en is dit diens van barmhartigheid.

Ons kan ook kyk na wat die Spreukedigter oor die verhouding van een mens teenoor 'n ander sê: "'n Man wat 'n weldaad bewys, doen goed aan sy eie siel" (11:7). "Verdwaal hulle nie wat onheil bewerk nie? Maar liefde en trou is vir die wat die goeie bewerk" (12:22). "Wie geregtigheid en weldadigheid najaag, sal die lewe, geregtigheid en eer vind (Spr 21:12). In die menslike verhouding is dit die goedheid van 'n heerser wat hom daartoe bring om dít waaroor hy heers, ook te beskerm. Wat ons tot dusver nog nie genoem het nie, is die feit dat hierdie *goedheid of barmhartigheid ten nouste met die reg, regverdigheid verbonde is.* Barmhartigheid is ook reg en regverdig. Die een is verbind met die ander. Verder moet opgemerk word dat in die tussenmenslike verhoudinge, barmhartigheid nie 'n vrywillige saak is wat maar gedoen of gelaat kan word volgens eie goeddunke nie. Dit dra 'n *verpligtende karakter.* Dit is *gebiedend.* Dit is 'n bewys van God se goedheid. Barmhartigheid is 'n *guns* wat God bewys. Dit is *genade* en is *onverdiend.* Die regverdige kan 'n beroep doen op die goedheid van God. Aan die ander kant moet hy ook sy verpligtinge teenoor God nakom. (Ps 6:4; 143:12, Eks 20:6; Deut 7:12; Hos 10:12; Ps 103:17 en 17). In die godsdienstige sin van die woord, beteken God se goedheid altyd sy *getroue* en *genadige* hulp, sy *barmhartigheid.* Alhoewel die mens hierdie goedheid nie kan *eis* nie, kan hy daarom vra. God se goedheid, sy guns en barmhartigheid rus in die *verbondsgedagte.* Met sy volk het Hy 'n verbond gemaak en hierdie verbondstrou van God is onverbreekbaar (1 Kon 8:23; Jes 55:3; Ps 89:49; 106:45; Gen 24:27; 32:11).

Weer eens: Die mens staan as bidder voor God. Hy bid om deel te hê aan die goedheid van 'n barmhartige God. Laat ons u goedertierenheid sien o Here, en gee ons u heil. Laat u goedertierenheid oor my kom, o Here, en u heil volgens u belofte (vgl verder Jer 2:2; 31:3; Jes 63:7; Hos 2:21).

God se barmhartigheid in en deur Jesus Christus

Barmhartigheid het in die Nuwe Testament ook die drakrag wat dit in die Ou Testament het. Dit is nie slegs 'n stukkie "liefdadigheid" wat bloot op die goedhartigheid van mense berus nie. Mens kry trouens die indruk dat wanneer hierdie saak van barmhartigheid in die Nuwe Testament aangeroer word, daar dikwels op die Ou Testament gesinspeel word en daarheen terugverwys word. Lees ons Matteus 9:13 en 12:7, dan word ons teruggevoer na die profeet Hosea

(6:6). Jesus sê naamlik vir die Fariseërs, wanneer hulle eksepsie neem teen die feit dat hy saam met tollenaars en sondaars eet, dat hulle eers moet gaan leer wat dit beteken. "Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie ..." Presies dieselfde woorde word aan die adres van die Fariseërs gerig wanner hulle beswaar maak omdat Jesus en sy dissipels op die sabbat deur die gesaaides stap en are uitvryf om dit te eet. Vergelyk Jesus se antwoord aan hulle met dit wat God deur die profeet Hosea vir die volk sê in die oproep tot bekering: "Want Ek het 'n behae in liefde en nie in offerande nie, en in kennis van God meer as in brandoffers" (Hos 6:6). Teen die uiterlike vormgodsdiens van gebod op gebod en reël op reël, die uiterlike vorm van gee van tiendes (om deur mense gesien te word), het Jesus in opstand gekom. Ook hierin gaan dit vir Jesus om die regte diens van barmhartigheid – "Wee julle ... julle laat ná die swaarste van die wet: die *reg* en die *barmhartigheid* en die *trou*." Soos in die Ou Testament word die barmhartigheid hier aan die een kant verbind met *reg* en geregtigheid en aan die ander kant met trou.

In een asem, na mekaar, noem Jesus die reg, barmhartigheid en trou, soos 'n drieling wat graag saam wil wees. Weer is dit die Ou-Testamentiese profeet Hosea wat in die gesigsveld kom. Hosea spreek sy volk aan: "En jy, bekeer jou tot God, beoefen liefde en reg en hoop gedurig op jou God." *Liefde*, suiwere liefde, is hier dieselfde as barmhartigheid en word ge-anker aan die *reg*, maar ook aan hoop. Die evangelis, Lukas, wou óók hierdie *liefde* onderstreep. Hy sê dat die Fariseërs so gesteld is op die gee van tiendes, terwyl hulle die *"liefde tot God verwaarloos"* (Luk 11:42).

Juis dit is die moeilikheid met die Fariseërs se beoefening van barmhartigheid, dat die vertikale verbinding tussen hulle en God versteur is. Wanneer die een gedoen word en die ander nagelaat word, dan kom mens in die kring van die Fariseërs te lande. Dit is één van die belangrikste Bybelse aspekte van ons kerklike barmhartigheidsdiens, soos dit gestalte vind in die diakonaat (waarby die Sustersvereniging as hulporgaan ingeskakel is), wat nimmer uit die oog verloor mag word nie. Dit gaan in die eerste plek om die liefde tussen God en mens. Dit gaan om "die eerste en groot gebod" en die "tweede wat daarmee gelykstaan." As die kerk dit vergeet, is sy barmhartigheidsdiens niks anders nie as blote welsynswerk. Dan is die kerk hoogstens hulporgaan vir die staat, by name die Departement van Volkswelsyn. Dan is die kerk 'n welsynsorganisasie, weggewentel van sy ware wese af. Die beoefening van barmhartigheid as deel

van ons dankbare lewe, ons daaglikse lewe in die geloof, moet voorop gestel word. "Wees julle barmhartig ..." hoe? Op grond waarvan? Soos die ander welwillende mense, die mense wat al te graag praat van "good-will" (buite Christus om)? Nee, nie so nie. Maar *"soos julle Vader wat in die hemele is"*. So moet julle ook barmhartig wees, soos God. En dán eers: "Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word" (Matt 5:7).

En waar sien ons die barmhartigheid van God soos nêrens anders nie? Daar op die pad tussen *Betlehem en Golgota*. Daar is God die groot Barmhartige, daar is Christus Jesus!

Hieruit loop die groot lyne van die kerk se barmhartigheidsdiens. Waarom moet die diens van die kerk voortgaan met barmhartigheid? Uit blote jammerhartigheid vir al die lyding in al sy skakerings van ellendes wat daar op die wêreld bestaan? Uit blote menslikheid miskien? Nee, die oorloë het gewys dat "menslikheid" maar 'n kort paadjie is. Die kerk gaan nou barmhartigheidswerk doen uit louter jubelende *dankbaarheid*. Nou is dankbaarheid en blydskap nie vir 'n oomblik te skei nie. Die kerk is ook altyddeur bly "in die Here", in Christus. Wie soveel barmhartigheid ontvang het as gelowige (barmhartigheid van God in die versoening deur sy Seun), gaan self ook barmhartigheid verrig, in blymoedigheid (Rom 12:8) en nie al sugtende nie! Dit is hier waar die eintlike kern van die dinge lê wat gesê moet word: "Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredinge, saam met Christus weer lewend gemaak (Ef 2:4). U sien, dit gaan om Christus. "Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons 'n nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood" (1 Pet 1:3).

Hier sien ons waaruit die barmhartigheid van God bestaan. Dit is sy barmhartigheid dat Hy aan ons die ewige redding skenk in en deur onse Here Jesus Christus. Hy is barmhartig deurdat Hy die saligheid in Christus vir ons bewerkstellig het. Ons wedergeboorte word direk teruggevoer na sy barmhartigheid. (Vgl ook Rom 11:30-32). Die barmhartigheid van God wat in en deur ons Here Jesus Christus werklikheid geword het, staan aan die begin van ons ewige redding. Ons redding begin nie by onsself nie; nooit nie. Dit begin altyd as 'n daad van God. Paulus het die verbinding van die barmhartigheid van God en ons redding so verduidelik: "Maar toe het die goedheid van God ons Verlosser, en sy liefde vir die mens verskyn.

Hy het ons verlos, nie op grond van iets wat ons vir ons regverdiging gedoen het nie, maar op grond van sy eie ontferming. Dit het Hy gedoen deur die wedergeboorte wat die sonde afwas, en deur die Heilige Gees wat die nuwe lewe gee" (Tit 3:4 en 5). En in sy brief aan die Romeine, word die gelowiges wat geroep is, nie alleen uit die Jode nie maar ook uit die heidene, "voorwerpe van sy ontferming, die mense wat Hy vantevore vir die heerlikheid voorberei het", genoem (Rom 9:23 en 24). Juis op hierdie punt is die Ou-Testamentiese basis waarop Paulus staan weer duidelik sigbaar, hier waar dit gaan oor God se barmhartigheid aan Israel, want vir Moses sê Hy: "Ek sal barmhartig wees oor wie Ek wil barmhartig wees en my ontferm oor wie Ek my wil ontferm" (vgl Rom 5:19 met Eks 33:19 en 1 Pet 2:19 met Hos 1:6, 9).

Barmhartigheid aan individuele gevalle van nood in konkrete situasies

Die blinde man van Jerigo sit langs die pad en roep: "Jesus, Seun van Dawid ontferm U tog oor my" (Mark 10:47) (vgl ook Matt 9:27).

Die vader van die maansieke kind val op sy knieë voor Jesus neer en sê: "Here, ontferm U tog oor my seun ..." (Matt 17:15). En so sou ons kon voortgaan met die groot getal siekes, duiwelbesetenes en andere aan wie barmhartigheid bewys is.

Ons wil egter hier meer bepaald verwys na die barmhartigheidsdiens aan die armes, die armes wat ons altyd by ons sal hê. Die gee van *aalmoese* was 'n algemene gebruik onder die Jode. Dit het ook gepaard gegaan met vas en gebede. Wanneer Jesus die Fariseërs bestraf, sê Hy vir hulle: "Ja, julle Fariseërs! Julle maak die buitekant van bekers en borde skoon, maar binnekant is julle self vol inhaligheid en gemeenheid. Julle dwase! Het Hy wat die buitekant gemaak het, nie ook die binnekant gemaak nie? Gee liewer wat in die bekers en borde is, vir die armes, dan sal alle dinge vir julle rein wees" (Luk 11:41 en 12:33). Hierdie praktyk, word ook veronderstel in Matteus 6:2-4. Dit is duidelik dat Jesus waarsku teen die groot vertoon en uiterlike grootdoenerigheid wat daarmee gepaard gegaan het. Súlke mense het hulle loon weg, omdat hulle die eer reeds vir hulleself ingeoes het. Hulle het trompette geblaas sodat die mense kon sien wat hulle doen. Hulle diens aan die armes het eintlik selfdiens geword, omdat dit nie in die verborgene gedoen is nie. In die stilte waar slegs God van weet. Hulle moes dit só gedoen het, "dat die

linkerhand nie weet wat die regterhand doen nie", dan sou die hemelse Vader, wat in die verborgene sien, hulle in die openbaar vergeld het. Daarom het Christus hierdie soort diens aan die armes verwerp!

Daar is egter ook die régte diens wat in die Bybel nie verwerp word nie. Laat ons daarna kyk. *Barmhartigheid* is inderdaad bewys, spesifiek aan die armes. Die verkiesing van die eerste (sewe) diakens staan juis in die teken daarvan dat die weduwees van die Grieksprekende Jode in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is, en daar op aandrang van die apostels manne verkies is, wie se werk eintlik die bediening van die armes sou wees. Ons verneem ook dat die dissipelin Tabita, ook bekend as Dorkas, in Joppe waar sy gewoon het, in besonder besig was om arm mense te help. Daar staan omtrent haar geskrywe: "Sy was oorvloedig in goeie werke en aalmoese wat sy gedoen het". Die pragtige getuienis aangaande die hoofman Kornelius, lui: "Hy was godsdienstig en godvresend, hy en sy hele huisgesin. Hy het baie gedoen om die armes onder die Joodse volk te help en het gereeld tot God gebid." Omdat hierdie aalmoese in opregte vroomheid (nie soos die Fariseërs dit gedoen het nie), en in die gebed gegee is, is dit deur God nie gering geag nie. Inteendeel! God het die blymoedige gewer lief. Daarom verneem ons dat die engel vir Kornelius sê: "God het gelet op jou gebede en op wat jy vir die armes doen, en Hy het aan jou gedink." Ook lees ons verder: "Kornelius, God het jou gebed verhoor en gelet op wat jy vir die armes doen" (Hand 10:4-31).

In barmhartigheidsdiens lê die gedagte van meegevoel ook opgesluit. In ons daaglikse lewe het hierdie woordjie sy werklike betekenis ongelukkig grootliks verloor. Dit word telkens gebruik, veral by begrafnisse. Die treurendes en beproefdes hoor dit uit haas iedere een se mond. Wie "innig meegevoel" sê, moet egter daaraan dink dat hy/sy eintlik sê: "ek ly innig saam met jou." Het ons gebruik van die woord meegevoel nog in alle eerlikheid hierdie betekenis om werklik saam te ly met die een wat voor ons staan? Het dit nie totaal en al vervlak nie? Bedoel ons dit nog só?

Hiermee word gesê dat wie barmhartigheid beoefen, werklik saam moet voel met daardie mense aan wie barmhartigheid bewys word. Die kerk het die erns en die diepte van hierdie diens besef deur aan die diakens (in die formulier vir hulle bevestiging) op te dra om nie slegs met die uiterlike hulp van 'n tasbare kledingstuk of 'n pakkie

voedsel (uiterlike gifte) na die mense toe te gaan nie, maar ook die mense te vertroos *"met innerlike vertroosting uit die Woord van God."*

Petrus en Johannes het eenmaal 'n kreupelgeborene, wat voor die tempelpoort op 'n aalmoes gewag het 'n "aalmoes" gegee wat die moeite werd is (Hand 3). Maar hulle het dit aan hom gegee "in die naam van Jesus Christus van Nasaret." Daarom was dit die moeite werd. Aan die arme moet hulp verleen word in die naam van Jesus Christus, die groot Barmhartige, die eintlike Diaken van God. Die kerk moet hom in sy diakonaat nie skaam vir die evangelie van Christus nie (Rom 1:16). Wie namens die kerk na die mens-in-nood gaan (dit hoef nie slegs armoede te wees nie), moet dit dan ook só doen: "in die naam van Jesus Christus."

Barmhartigheid van God in die eindtyd

Hier wil ons volstaan met 'n enkele opmerking. Die barmhartigheid van God word nie êrens in die tyd afgebreek nie, is nie van korte duur nie. As *verbondstrou* gaan dit van geslag tot geslag. Dit loop deur tot in die eindtyd, die laaste van die dae. Ons leef in die tyd tussen die hemelvaart van Christus en sy wederkoms. Dit is die tyd van die kerk. In hierdie tyd van verwagting, moet die kerk ook doén wat sy hand vind om te doen. Die eindtyd staan egter in die teken van die laaste oordeel, wanneer die bokke en die skape geskei sal word. "Geseënd is die barmhartiges ..." het ons uit die mond van die Heer van die kerk gehoor. Daaraan is 'n belofte verbind ... "want aan hulle sal barmhartigheid bewys word" (Matt 5:7), Paulus skryf aan Timoteus: "Mag die Here barmhartigheid bewys aan die huisgesin ... mag die Here gee dat hy by Hom ontferming vind op die dag dat Hy weer kom" (2 Tim 1:16, 18). Watter dag? Dis die jongste dag met die wederkoms van Christus. Die barmhartigheid van God loop dwarsdeur die geskiedenis van die mensheid, tot dan. Tot dan, en selfs dan mag ons die *barmhartigheid* van God *verwag*. In hierdie verband spreek die Judasbrief 'n vermanende woord: "Julle, geliefdes, moet egter voortgaan om julle lewe te bou op julle allerheiligste geloof. Bid altyd deur die krag van die Heilige Gees. Bly in die liefde van God. Vestig steeds julle verwagting op die barmhartigheid van ons Here Jesus Christus wat die ewige lewe aan julle sal gee" (Jud verse 20 en 21).

Kontrole vrae

1. Wat beteken die Afrikaanse woord "barmhartigheid"?

   .....

2. Wat sê die Bybel oor barmhartigheid?

   .....

3. Hoe bewys God sy barmhartigheid aan ons?

   .....

4. Waar hoor ons van God se barmhartigheid?

   .....

5. Wat is die grond van barmhartigheid?

   .....

6. Wat is barmhartigheidsdiens nie?

   .....

7. Sê iets oor die barmhartigheid van God in die eindtyd.

   .....

Onderwerp vir bespreking

Barmhartigheidsdiens volgens die Bybel.

8
Die diaken en die maatskappy

Waar die diaken in die vervulling van sy amp binnekerklik of buitekerklik gerig is, het hy altyd te doen met 'n mens in een of ander maatskaplike situasie. Die mense binne en buite die kerk is ook lede van 'n samelewing. Hoewel die ander twee ampte ook te doen het met die konkrete mens in die totaliteit van sy geestelike, sosiaal-ekonomiese en politieke omstandighede, is nie een van hulle so direk betrokke soos die diaken by die lidmaat in sy maatskaplike, materiële en liggaamlike lewe nie. Op die maatskaplike vlak ontmoet hy ook die sosiale werker(ster) en die maatskaplike versorgers van allerlei aard wat in diens van die owerheid of van die maatskappy self besig is om bystand te verleen aan die noodgevalle in die samelewing. Hoewel hy op dieselfde vlak as hulle optree, en tot op 'n sekere hoogte op dieselfde wyse as hulle hulp verleen, is hy tog nie 'n maatskaplike werker nie. Hy is 'n diaken wat 'n bepaalde genadegawe wat aan die kerk gegee is, deur sy diens in vervulling laat kom.

Soos die sosiale werker, staan hy nie los van die samelewing nie, maar sy amp kom nie uit die samelewing nie. Sy amp is gewortel en gegrond in die kerk, in daardie gemeenskap wat eerstens 'n geloofsgemeenskap is, en derhalwe lewe van God se barmhartigheid. Gewortel en gegrond in die barmhartigheid van die Heer van die kerk, is die diens van die diaken voor alles barmhartigheidsdiens wat uit dankbaarheid verrig word. In die vervulling van sy amp, moet hy die mens in nood ook leer dat die Here vir sy kinders sorg. Hy het ook 'n taak om teenoor die gemeente te vervul. Hy moet hulle leer dat hy hulle nie vervang nie, maar verteenwoordig. Die hele gemeente self moet diens van barmhartigheid lewer. Die diaken maak die kerk 'n dienende gemeenskap, deurdat hy die bronne van barmhartigheid voortdurend laat vloei wanneer hy die offergawe ook vir hierdie diens van die kerk insamel.

Omdat die diaken sy diens kerklik gegrond en maatskaplik gerig vervul, spreek dit vanself dat veranderinge in die maatskaplike bestel ook verandering in die aard van die diakonale dienswerk meebring. Ons huidige gekompliseerde samelewing stel ander eise aan

die diaken as wat enkele dekades gelede die geval was. Vandag is daar nie so 'n groot armoede nie, tog is daar baie wat genoeg besittings het, terwyl hulle as gevolg van allerlei spanning, tog die hulp van 'n medemens nodig het. Dit is dáár waar die *diaken* hom te hulp moet kom.

Kontrole vrae

1. Ons kry drie ampte in ons kerk. Noem hulle.

   .....

2. Wat is die arbeidsveld van elkeen?

   .....

3. Hoekom is die diaken so belangrik?

   .....

4. Waarom beïnvloed veranderinge in die maatskaplike bestel die dienswerk van die diaken?

   .....

Onderwerp vir bespreking

Die diaken en die samelewing. Dink aan sake soos hongersnood, siekte, armoede.

KITAL STUDIEGIDS

HANDLEIDING VIR DIAKENS

HAUM